

Inleiding vir die ouer, kategeet of Bybelstudiegroepieier.

Vlak 1: Ek hoor

Die tema vir die jaar is “Ek hoor”. As ons die Bybel lees, is daar baie verse wat begin deur te sê: “En God het gesê...” of waar mense, profete of engele praat. Ons bely ook dat die Bybel die Woord van God is. So, hierdie jaar gaan ons hoor wat God sê.

Dis baie belangrik dat ook jy in afhanklikheid van die Gees hiermee omgaan. Bid dus vooraf dat die Gees deur jou voorlees sal werk. Bid ook saam met die wat gaan luister, dat die Gees hulle ore sal oopmaak om te hoor wat Hy wil sê.

Na jy voorgelees het, laat van die wat geluister het, die verhaal in hulle eie woorde vertel. Terwyl hulle dit vertel, fasiliteer die volgende proses:

1. Laat hulle net vertel wat in die teks staan nie ander kennis van elders in die Bybel nie.
2. Laat hulle mekaar hou by die teks deur te vra: “Waar staan dit in die deel wat ons gelees het?”
3. Laat hulle mekaar aanvul met dele wat uitgelaat is.
4. Laat hulle vertel wat hulle van God gehoor het.
5. Laat hulle vertel wat hulle van die mens geleer het.

Sluit die sessie met gebed af.

Vlak 2: Ek sien

Vir die kind wat selfstandig kan lees, raak dit belangrik om nie net die verhaal te hoor en te onthou nie, maar om self dinge in die teks te begin raaksien en dat dit sy lewe begin aanraak, daarom is die tema vir die jaar: “Ek sien”. Gebruik veral verse in die teks waar die woord “sien” voorkom om te beklemtoon wat God gesien het, wat mense gesien het om so te kom by die punt wat God wil hê ons moet raaksien in ons teks.

God openbaar Homself al hoe meer en meer soos wat ons deur die Ou Testament stap. Op hierdie vlak gaan ons nie Nuwe Testament koppelings maak nie. Ons gaan onself bly afvra wat het ons van God geleer en die geskiedenis beskryf as “Die God wat...”

Bid vooraf dat die Here deur jou sal werk en dat Hy deur Sy Woord en Gees die groep se ore en oë sal oopmaak om te hoor en sien wat in die teks staan en dat dit ingang in hulle harte sal vind. Bid ook saam met die groep daarvoor.

Moedig hulle aan om die teks vooraf te lees en die vragies in die les as voorbereiding in te vul sodat die tyd saam benut kan word om die teks te bespreek.

Sluit jou sessies met gebed af en moedig hulle ook aan om af te sluit.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap

Geloof is nie iets wat ons vir iemand kan gee nie. Dit kom van God af en word in mense se harte gewerk deur die Gees. Die Gees werk deur die Woord. Hy open oë om te sien wat werklik in die teks staan en oortuig jou om dit te glo. Romeine 10 lig hierdie volgorde mooi uit: *14Hoe kan hulle Hom dan aanroep, as hulle nie tot geloof in Hom gekom het nie? En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder iemand wat dit verkondig? 15En hoe kan hulle dit verkondig as hulle nie gestuur word nie? Rom 10).*

Moedig die groep aan om die verhalende deel vooraf te lees, sodat die tyd saam ingesit kan word om die Nuwe Testament teks, wat daarby pas in detail deur te werk. Hier kies ons telkens gedeeltes wat of direk aangehaal is in die Ou Testament teks of direk verwant is daaraan om geloof verder mee toe te lig.

Ware reddende geloof gaan altyd oor in dade van dankbaarheid. Die Lewende water wat harte vul, maak daardie harte so vol van vreugde en dankbaarheid, dat dit soos strome Lewende water na almal rondom hulle oorloop. So leef hulle in liefde in die gemeenskap van gelowiges.

Sluit jou sessies met gebed af en begelei die groep om met gebed te kan voorgaan.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik

Iemand wat die Woord gehoor het, en wie se oë deur die Heilige Gees oopgemaak is om werklik te sien wat daar staan, begin dan die Blye Boodsap glo. Daardie Lewende Water vloei dan oor tot liefde in die gemeenskap van gelowiges.

Soos wat hierdie gelowige verder groei, word hy meer en meer gebruik om God se doel uit te leef: *11In Hom is ons ook as erfgename uitverkies, voorbestem volgens die voorneme van die Een wat alles volgens sy raad en wil laat gebeur, 12sodat ons, wat van die begin af ons hoop op Christus gevestig het, kan bestaan tot lof van sy heerlikheid. (Ef 1)*

Die doel van ons bestaan is om God te verheerlik in alles wat ons doen. As ons gevul is met die Lewende water, vloei dit oor om die groot gebod van liefde uit te leef. Dit vloei oor om ook die groot opdrag uit te voer, om die Blye Boodsap aan die wêreld te vertel, sodat nog meer deur hierdie hoor, sien, glo en verheerlik siklus kan gaan.

Die teksgedeeltes wat gekies word lig hierdie telkens uit. Moedig die groep aan om die Ou Testament gedeeltes vooraf te lees, sodat die tyd in die groep op die Nuwe Testament toepassing kan fokus.

Laat iemand in die groep met gebed afsluit.

Vlak 1 en vlak 2: A1. Die Alfa.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

Die alfabet in die Bybelse tyd se eerste letter was Alfa en die laaste een Omega. God noem Homself die Alfa en Omega, die begin en einde van alles. So, ons noem ons eerste les die Alfa en ons laaste les Omega. Voor ons met die Ou Testament begin, gaan ons eers kyk na Lukas 24. Jesus lig ook in Lukas 24 uit dat die hele Ou Testament na Hom toe vooruitwys. God openbaar Homself in die Ou Testament en sonder die Ou Testament kan ons nie die Nuwe Testament reg verstaan nie. Saam vorm dit die Woord van God. Die hele Bybel is God se Woord waarin Hy met ons praat en daarin is alles wat nodig is wat ons moet leer om Sy kinders te wees. Die huisgodsdienst stukkies word ook so gekies dat die leser 'n oorsig kry oor die gedeelte in die Bybel. Moedig daarom ouers aan om elke dag die huisgodsdienst stukkies te lees.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Lukas 24. Laat een of twee vertel wat hulle in die teks gehoor het. Moedig ander aan om aan te vul en laat ander weer korregeer as iets gesê word, wat nie in die gedeelte staan nie.

Ons tema vir die jaar is “Ek hoor.” Elke keer as ons deur die teks gedeeltes gaan, gaan ons soek na wat die rolspelers in die hoofstuk hoor en hoe dit ons meer van God vertel. Lukas 24 is 'n mooi voorbeeld daarvan:

By Jesus se graf het die vroue by die engel gehoor dat Jesus opgestaan het. Hulle het toe onthou dat hulle Jesus dit hoor sê het, toe Hy nog gelewe het.

Na Jesus opgestaan het uit die dood, het die Emmausgangers by Homself gehoor hoe Hy die Skrif vir hulle uitleë. Hy het vir hulle uitgelig dat die hele Ou Testament na Hom toe vooruitwys. Hulle harte het gebrand van die wonderlike boodskap.

Jesus het ook aan die dissipels verskyn en ook hulle moes hoor dat die Ou Testament na Hom toe vooruitwys. Hierdie hoofstuk gee vir ons die kern van die Evangelie: Die kruisiging en opstanding van Jesus Christus.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 deelnemers die prentjie inkleur. Kyk of die vlak 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Lukas 24. Laat een of twee vertel wat hulle in die teks gehoor het. Moedig ander aan om aan te vul en laat ander weer korregeer as iets gesê word wat nie in die gedeelte staan nie.

Hierdie gedeelte lig die tema van “Ek sien” baie sterk uit. Die Emmausgangers kon nie raaksien wat Jesus se kruisiging beteken nie. Toe hulle sien Jesus breek die brood, het hulle oë oopgegaan en het hulle verstaan.

Ons kan eers werklik die Ou Testament verhale verstaan as die Heilige Gees ook ons oë oopmaak om nie net die storie te hoor nie, maar ook te verstaan hoe dit alles vooruit wys na Jesus en hoe God Homself in die gedeelte openbaar.

Die dissipels wou nie glo dat dit Jesus was wat opgestaan het voor hulle nie sy hande en voete gesien het nie.

Die vroue en dissipels wat in die eerste en laaste gedeelte van die teks “sien”, is ooggetuies. So hierdie kern gebeure van die Evangelie, Jesus se kruisiging en opstanding is regtig waar. Ons kan dit glo.

Huisgodsdienst vir die week.

Maandag

Die Ou Testament vertel van Jesus.
Lees Lukas 24 (kernvers :44).

Dinsdag

Die Wet van Moses vertel van Jesus.
Lees Eksodus 3 (kernvers :14).
Johannes 6:24 (en nog 'n hele paar ander verse in Johannes) wys dat Jesus na Homself verwys as EK IS.

Woensdag

Die Geskiedenis boeke vertel van Jesus.
Lees II Sam 7 (kernvers :16).
Die Een wat vir ewig op Dawid se troon sal bly sit is Jesus.

Donderdag

Die Profete vertel van Jesus.
Lees Jesaja 53 (kernvers :5).
Die Een wat vir ons oortredings deurboor is, is Jesus.

Vrydag

Die ander boeke in die Bybel vertel ook van Jesus.
Lees Rut 4 (kernvers :22).
Rut kom voor in Jesus se geslagslyn in Matteus 1.

Hierdie is maar 'n paar voorbeelde van hoe die Ou Testament vooruit wys na Jesus. Ons sal nog baie meer sien soos ons hierdie jaar deur die Ou Testament werk.

Vlak 3 en vlak 4: A1. Die Alfa.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Alhoewel ons hierdie jaar deur die Ou Testament werk, is ons inleidende les uit die Nuwe Testament. Die boek Lukas is een van die vier Evangelies. Die boeke wat van die werk van Jesus op aarde vertel. Lukas 24 is die laaste hoofstuk en vertel van Jesus se opstanding en hemelvaart. Al die verlossingsgebeure, wat die kern is van wat ons moet glo. Die ander rede hoekom ons die hoofstuk eerste doen, is dat Jesus in die hoofstuk sê dat die hele Ou Testament na hom vooruitwys (verse 27 en 44). Op vlak 3 en 4 sal ons dan by elke les 'n Nuwe Testament toepassing by die les insit wat hierdie lyn na die Nuwe Testament verder belig.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Lees Lukas 24. Hierdie hoofstuk het vier dele en in elke deel leer ons van geloof in die verlossingsgebeure wat hier plaasvind.

Deel 1: Die opstanding van Jesus Christus (verse 1-12).

Die vroue het gesien die graf is leeg, gehoor wat die twee manne hulle vertel en dadelik die dissipels gaan vertel – dit is duidelik hulle het geloof wat hulle gehoor en gesien het.

Deel 2: Jesus se verskyning aan die Emmausgangers (verse 13-35).

Die Emmausgangers kon nie raaksien wat Jesus se kruisiging beteken nie. Toe hulle sien Jesus breek die brood, het hulle oë oopgegaan en het hulle geglo.

Deel 3: Jesus se verskyning aan die dissipels (verse 36-49).

Die dissipels moes eers Jesus se hande en voete sien en sien dat hy kos eet voor hulle geglo het.

Deel 4: Jesus se hemelvaart (verse 50-53).

Nadat hulle Hom sien opvaar het, het hulle Hom in blydschap aanbid.

Ons sien dus hier die Heilige Gees lei ons om te sien wat werklik in die Woord staan en dan gaan dit oor in geloof. Mag dit dan ook gebeur met almal wat hierdie jaar deur die lesse werk.

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik

Lees Lukas 24. Hierdie hoofstuk het vier dele en in elke deel leer ons van geloof in die verlossingsgebeure wat hier plaasvind.

Deel 1: Die opstanding van Jesus Christus (verse 1-12).

Die vroue het gesien die graf is leeg, gehoor wat die twee manne hulle vertel en dit geglo. Die eerste ding wat hulle daarna gedoen het, was om die dissipels te gaan vertel.

Deel 2: Jesus se verskyning aan die Emmausgangers (verse 13-35).

Die Emmausgangers kon aanvanklik nie raaksien wat Jesus se kruisiging beteken nie. Nadat Jesus hulle oë geopen het en die Skrif vir hulle uitgelê het en gewys het hoe dit op Hom van toepassing is, het hulle dadelik die dissipels gaan vertel.

Deel 3: Jesus se verskyning aan die dissipels (verse 36-49).

Nadat Jesus aan die dissipels verskyn het en hulle Hom gehoor, gesien en geglo het, gee Hy vir hulle die groot opdrag. Hulle moes Sy getuies wees.

Deel 4: Jesus se hemelvaart (verse 50-53).

Nadat hulle Hom sien opvaar het, het hulle in blydschap God aanbid, maar ook geprys.

Ons sien hier dat as die Heilige Gees ons harte verander om te glo, dit oorloop in 'n gesindheid om te gaan vertel. Ook ons het daardie groot opdrag. Ons sal ook reg deur die Bybel sien die doel van alles is om God te verheerlik.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Die Ou Testament vertel van Jesus.
Lees Lukas 24 (kernvers :44).

Dinsdag

Die Wet van Moses vertel van Jesus.
Lees Eksodus 3 (kernvers :14).
Johannes 6:24 (en nog 'n hele paar ander verse in Johannes) wys dat Jesus na Homself verwys as EK IS.

Woensdag

Die Geskiedenis boeke vertel van Jesus.
Lees II Sam 7 (kernvers :16).
Die Een wat vir ewig op Dawid se troon sal bly sit is Jesus.

Donderdag

Die Profete vertel van Jesus.
Lees Jesaja 53 (kernvers :5).
Die Een wat vir ons oortredings deurboor is, is Jesus.

Vrydag

Die ander boeke in die Bybel vertel ook van Jesus.
Lees Rut 4 (kernvers :22).
Rut kom voor in Jesus se geslagslyn in Matteus 1.

Hierdie is maar 'n paar voorbeelde van hoe die Ou Testament vooruit wys na Jesus. Ons sal nog baie meer sien soos ons hierdie jaar deur die Ou Testament werk.

Vlak 1 en vlak 2: B1. Die skepping.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

Ons is in die eerste hoofstuk van Genesis, die eerste boek van die Bybel. Genesis beteken begin, en in dié boek kry ons die begin van baie dinge. Die oorsig prentjie lig die sewe skeppingsdae uit as 'n oorsig oor die begin van alles in die skepping. Ons sal in die volgende les van die begin van sonde hoor. Kort daarna sien ons die begin van moord. In die lesse daarna die begin van God se volk.

Dit is ook belangrik om uit te lig dat God van altyd af bestaan het – hy is nie gemaak nie. Hy sal ook vir altyd bly bestaan. Hy is die unieke en enigste ware God.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Genesis 1:1-2:3. Laat die deelnemers vertel wat hulle van God geleer het. Laat hulle mekaar reghelp en aanvul om so die verhaal te leer ken en dit te kan oorvertel.

Hierdie hoofstuk wys ons die begin van alles, maar lig uit God was voor dit alles reeds daar. Hy is nie gemaak nie, Hy is die een wat alles gemaak het. Daar is niemand anders soos Hy nie. Begelei die deelnemers om dit ook raak te sien.

Die tema vir die jaar is “Ek hoor”. In hierdie hoofstuk praat God ses keer: *God het gesê: “Laat daar...”* Elke keer as God praat word iets geskep deur Sy Woorde. Sy woorde is skeppingsmagtig. Laat die kinders vertel wat hulle hoor, elke keer as God praat. Gebruik ook die inkleurprent en oorsig prentjies om hulle te lei om die ses skeppingsdae te kan onthou.

As dinge moeilik gaan in die lewe, is dit 'n groot troos om te weet dat ons 'n God het wat alles gemaak het en daarom instaat is om enige iets te doen. Ons kan Sy woorde opsoek in die Bybel en troos daar vind.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vroeë ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vroeë om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed. Moedig die huisgodsdiens aan, maar as dit nie plaasvind nie, moedig die deelnemer aan om elke dag die voorgeskrewe gedeelte te lees.

Huisgodsdiens vir die week.

Die teksgedeeltes is so dat die groep die twee skeppingsverhale kan lees, maar dan ook hoor hoe dit ook op ander plekke in die Bybel vertel word.

Maandag

Lees Genesis 1.
God het alles goed gemaak en die mens na Sy beeld.

Dinsdag

Lees Genesis 2.
In hierdie hoofstuk lees ons die tweede skeppingsverhaal.

Woensdag

Lees Psalm 104.
Hierdie Psalm besing die Skeppergod.

Donderdag

Lees Job 38.
In tye van swaakry, kan ons weet ons God is die Skepper van hemel en aarde.

Vrydag

Lees Job 39.
Omdat God alles gemaak het en dit steeds onderhou kan ons in alle dinge berus en op Hom vertrou.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Genesis 1:1-2:3. Laat die deelnemers vertel wat hulle van God geleer het. Laat hulle mekaar reghelp en aanvul om so die verhaal te leer ken en dit te kan oorvertel.

Die tema vir die jaar is “Ek sien”. Laat hulle fokus op vers 1 dat hulle kan raaksien dat God voor alles alreeds daar was. Hy is nie gemaak nie, Hy was van altyd af reeds daar. Hy is die unieke en enigste ware God.

Na elke skeppingsdag staan daar: *“En God het gesien dat die goed is.”* Vers 31 beklemtoon dan dit die baie goed is. Die groep moet daarom nie net raaksien wat God elke dag gemaak het nie, maar dat alles baie goed gemaak is.

Ons lees ook in vers 27 dat die mens na die beeld van God geskep is. As ons 'n standbeeld sien dan kan ons sien hoe het die mens wat afgebeeld is gelyk het. So, as jy na die beeld van God geskep is, moet mense God raaksien, as hulle na jou kyk. Leef jy so tot Sy eer?

Vlak 3 en vlak 4: B1. Die skepping.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 1:1-2:3. Laat een of twee vertel wat hulle gehoor het en mekaar aanvul. Hou dit kort sodat daar genoeg tyd is vir die Nuwe Testament toepassing.

Die eerste doel is dat hulle glo dat God die skepper is van alle dinge. Daar is geen ander god soos Hy nie. 'n Tweede doel is dat hulle sal raaksien dat God alles goed gemaak het. Feitlik na elke skeppingsdag word dit soos 'n refrein herhaal. Dit sal weer by die sondeval (volgende les) belangrik word om uit te lig.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Johannes 1:1-16. Johannes 1 begin met dieselfde woorde as Genesis 1: "In die begin..." Ons leer dus meer wat toe gebeur het. In vers 14 kan ons sien dat die Woord, waarna in vers 1 verwys word Jesus Christus is.

Ons sien, en moet glo, in die eerste drie verse dat Hy self God is, dat Hy voor alles bestaan het en nie geskep is nie, dat deur Hom alles geskep is. Die volgende belangrike ding om dan te glo, is dat Hy mens geword het. Hy het van altyd af bestaan, maar na die aarde toe gekom as mens. Deur Hom het ons genade ontvang (verse 14-16).

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 1:1-2:3. Laat een of twee vertel wat hulle gehoor het en mekaar aanvul. Hou dit kort sodat daar genoeg tyd is vir die Nuwe Testament toepassing.

Die eerste doel is dat hulle glo dat God die skepper is van alle dinge. Daar is geen ander god soos Hy nie. Die tweede doel is om te beklemtoon dat God die mens na Sy beeld gemaak het. Ons gaan in volgende lesse voortbou op die betekenis daarvan.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Openbaring 21. Baie keer as 'n mens 'n boek lees, wonder jy hoe dit gaan eindig. Ons loer hier vooruit en sien dat die einde van die Bybel baie ooreenkomste het met die begin. In die begin is die hemel en die aarde gemaak. Hier lees ons van 'n nuwe hemel en nuwe aarde. In Genesis het God begin deur lig te maak. Die son is eers op dag vier gemaak. In Openbaring sien ons daar was nie 'n son en maan nie, want die heerlijkheid van God het alles verlig.

Ons sien in beide 'n Boom van die lewe en lewegewende water. Die wonderlike boodskap is dat, soos in die begin, God by sy mense is. Wat 'n vooruitsig vir ons om vir ewig in Sy heerlijkheid te leef.

Huisgodsdienst vir die week.

Maandag

Lees Genesis 1.

God het alles goed gemaak en die mens na Sy beeld.

Dinsdag

Lees Genesis 2.

Die tweede skeppingsverhaal.

Woensdag

Lees Psalm 104.

Hierdie Psalm besing die Skeppergod.

Donderdag

Lees Openbaring 21.

Ons het die eerste twee boeke van die Ou Testament gelees, 'n eerste boek in die Nuwe Testament, kom ons lees nou vooruit na die einde van die Bybel. Dit vertel van 'n nuwe hemel en nuwe aarde.

Vrydag

Lees Openbaring 22.

Let op die ooreenkomste in Openbaring 21 en 22 met Genesis 1 en 2. Alhoewel die Bybel oor duisende jare bymekaar gesit is deur baie skrywers, is dit een geheel, want dit is deur God geïnspireer.

Vlak 1 en vlak 2: B2. Die sondeval.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

In die skeppingsverhale (Genesis 1 en 2) het ons gesien God het alles goed gemaak. In Genesis 3 sien ons hoe die mens die waarheid vir die leuen verruil het en sy eie eer begin soek het, in plaas van God se eer. In die res van die Ou Testament, sien ons hoe God Homself openbaar en wys dit vooruit na Sy verlossingsplan. Daarteenoor sien ons ook die hele tyd hoe die mens die leuen bly glo, sy eie eer bly soek en so in sonde bly val.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Genesis 3 vir die groep. Laat hulle die storie vertel en mekaar aanvul en reghelp daarmee. Vra die kinders wat hulle van God en van die mense gehoor het.

As ons die tema “Ek hoor” in gedagte hou, kan ons dit so opsom: Adam en Eva het God se opdrag aan hulle gehoor, maar ook Satan se verleidelike woorde. Hulle verruil toe die waarheid vir die leuen en val so in sonde.

Die volgende ding wat hulle moes hoor was God se vrae aan hulle wat bevestig hulle is skuldig. Daarna moes hulle die verdiende straf aanhoor. En uiteindelik moes hulle hoor dat hulle ook die paradys moes verlaat.

Tussendeur dit alles hoor ons ook God se genade in die oplossing vir die sonde in Gen 3:15 en in die feit dat God vir hulle velklere gemaak het.

Die Bybel is God wat met ons praat en moet ons bron van waarheid wees. Hoe dikwels luister ons nie na die leuen nie. As ons mooi daarvoor nadink is dit meestal omdat ons dinge vir onself soek, in plaas daarvan om God se wil te soek.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met ‘n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Moedig die groep aan om hulle Bybels saam te bring, dat hulle self kan sien wat in die Bybel staan. Lees Genesis 3 vir die groep.

Adam en Eva het gehoor wat God se opdrag was. Hulle jet ook gehoor wat Satan se verdraaiing daarvan was. Toe Eva eerder na die leuen luister as die waarheid, het sy anders gekyk na die verbode vrug – sy het gesien dis goed om van te eet!

Nadat Adam en Eva in sonde geval het, het hulle ook anders gekyk na hulle situasie: Hulle is naak... Die vreeslike gevolg was dat hulle ‘n laaste keer God in die tuin gesien het! Die verhouding met Hom is verbreek.

Nadat hulle dan die straf moes aanhoor, kon hulle ook God se genade sien in die oplossing vir die sonde in Gen 3:15 en in die feit dat God vir hulle velklere gemaak het.

Die Bybel is God wat met ons praat en moet ons bron van waarheid wees. Ons moet baie versigtig wees waarna ons kyk. Tot vandag toe nog is dit hoe die duiwel werk, hy laat ons dinge sien om meer te begeer as God en dit lei na sonde.

Huisgodsdiens vir die week.

Die teksgedeeltes is so gekies om ‘n voorbeeld uit elke hoof deel van Genesis te lees wat wys dat na die sondeval, al die volgende geslagte ook gesondig het.

Maandag

Lees Genesis 3.

Die sondeval.

Adam en Eva val in sonde en so word hulle verhouding met God verbreek. Hulle verkry hulle verdiende straf, maar ons sien ook genade...

Dinsdag

Lees Genesis 4.

Ons lees hier van Kain en Abel en die eerste moord.

Woensdag

Lees Genesis 18.

Ons lees hier in Abraham se tyd hoe sondig die mense van Sodom en Gomorra was.

Donderdag

Lees Genesis 27.

Ook hier in Jakob en Esau se tyd sien ons Rebekka, Jakob en Esau se sonde.

Vrydag

Lees Genesis 37.

Josef se broers wat hom verkoop is ook ‘n voorbeeld van sonde in Josef se tyd.

Vlak 3 en vlak 4: B2. Die sondeval.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

DiDie deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 3. God het vir hulle gesê hulle kan van al die bome eet, behalwe een. Die slang verdraai daardie waarheid en vra of God gesê het hulle mag nie van al die bome eet nie. Adam en Eva het die waarheid vir die leuen verruil. Hulle verhouding met God is verbreek en hulle het hulle verdiende straf ontvang.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Romeine 3:9-26. Ons almal is net so skuldig en verruil ook die waarheid vir die leuen. Ons verhouding met God is daarom ook verbreek. Ons verdien ook God se straf.

Ons kan nie weer God se guns wen deur “goeie” daad nie. Al hoe ons vrygespreek kan word van die verdiende straf, is as God ons genadig is. Dit is juis die blye boodskap van die Evangelie en 'n vervulling van Gen 3:15. God het sy Seun, wat geen sonde gehad het nie, gestuur om vir ons sonde te betaal. Hy het ons sonde op Hom geneem en sy geregtigheid vir ons gegee. As ons hierdie wonderlike boodskap glo, word ons vrygespreek van die straf van God.

Glo jy dit?

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 3. Die kern van sonde is om die heerlijkheid van God te verruil vir iets anders. Dit is om jou eie eer te soek in plaas van God se eer. Dit is ook die leuen wat Satan aan Eva gegee het. Ons sien in Genesis 3 hoe dat Adam en Eva die waarheid vir die leuen verruil het. Hulle verhouding met God is verbreek en hulle het hulle verdiende straf ontvang.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Romeine 1:18-25 en 3:21-26. Romeine 3:18 en 25 wys ons is almal skuldig daaraan om die waarheid vir die leuen te verruil. Ons het almal 'n keuse tussen 'n ander waarheid en leuen. Die leuen is dat ons ons verhouding met God kan herstel deur gehoorsaam te wees en goeie werke te doen. Die waarheid is dat God Sy Seun gestuur het om vir ons sonde te betaal. Hy het ons sonde op Hom geneem en sy geregtigheid vir ons gegee.

As ons hierdie wonderlike boodskap glo, word ons vrygespreek van die straf van God. As dit gebeur is ons so dankbaar dat ons vir almal rondom wil help om die leuen raak te sien en die waarheid te deel en almal saam aan God die eer te gee daarvoor.

Met wie gaan jy dié waarheid deel?

Huisgodsdienst vir die week.

Maandag

Lees Genesis 3.

Die sondeval.

Adam en Eva val in sonde en so word hulle verhouding met God verbreek. Hulle verkry hulle verdiende straf, maar ons sien ook genade...

Dinsdag

Lees Genesis 4.

Ons lees hier van Kain en Abel en die eerste moord

Woensdag

Lees Romeine 1:18-32.

Die gedeelte wys ons dat ons vandag, net soos in Adam en Eva se tyd, die waarheid verruil vir die leuen wat weer daartoe lei dat ons God verruil vir ander dinge in sy plek.

Donderdag

Lees Romeine 3:9-31.

Ons sien hier dat die kern van sonde is dat ons ons eie eer soek in die plek van God se eer. Ons verdien die straf, maar God het uit genade ons vrygespreek deur wat Jesus Christus gedoen het.

Vrydag

Lees Openbaring 20.

In Genesis 3:15 lees ons dat die slang se kop vermorsel sou word en hier in Openbaring 20 lees ons daarvan.

Vlak 1 en vlak 2: B3. Die vloed.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

Die werksboekie se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Dit dek die geskiedenis van direk na die sondeval tot by die toring van Babel. Hierdie eerste elf hoofstukke van die Bybel word die Oergeskiedenis genoem. Ons sien 'n saagtand prentjie van 'n nuwe begin en dan weer verval. Na die nuwe begin uit die paradys, slaan Kaïn vir Abel dood. Na die mooi voorbeeld van God wat met Henog wandel en hy wat in die hemel opgeneem word, lees ons hoe die aarde vol sonde geword het. Die gevolg was dat God die aarde verdelg het met 'n vloed. Na die nuwe begin van Noag en sy gesin sien ons weer die verval by die toring van Babel.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Genesis 6:1-22, 7:21-24, 8:1. 9:1-17. Laat die kinders vertel wat hulle gehoor het. Vra dan wat hulle van God geleer het in die gedeelte. Bv. Hy straf sonde, Hy is almagtig en kan 'n vloed stuur. Hy is genadig en red Noag ens... Vra hulle ook wat het hulle van die mens geleer, bv. die mens bly sondig. Noag was gehoorsaam aan God se opdrag ens...

Die eerste ding wat ons van God hoor is hoe sondig die mense is en dat Hy hulle daarvoor gaan straf.

Die tweede ding wat ons dan hoor is die opdrag aan Noag om 'n ark te bou en so net een gesin te red.

Na die vloed hoor ons God weer drie keer praat.

1. Hy seën hulle en gee dieselfde opdrag as destyds aan Noag.
2. Hy sluit 'n verbond met hulle.
3. Hy gee 'n teken van die verbond.

Alhoewel die mense ook die waarskuwing van die hamerhoue van die bou van die ark gehoor het, het hulle nie geluister nie en daarom omgekom. Luister jy na God se woorde?

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Genesis 6:1-22, 7:21-24, 8:1. 9:1-17.

Die Noag verhaal begin waar die reuse die mooi vroue sien en sondig. Dit is hoe sonde begin, by sien en begeer...

Die verhaal wys ons dan wat God sien: Die wêreld is vol sonde en verdien straf. Wat dink jy sien God as hy vandag na die aarde kyk? En na jou?

Noag hoor God se opdrag aan hom en begin bou. Die mense kon baie duidelik die waarskuwing sien soos wat Noag bou, maar hulle het hulle nie daaraan gesteur nie en het daarom omgekom in die vloed.

Noag kon God se genade sien toe die duif die blaartjie bring. Na die vloed sien ons hulle dankbaarheid as hulle tot God offer.

God sê dan ook spesifiek in Genesis 9:8 "En kyk..." dan sluit Hy die verbond met Noag. Noag kon ook die reënboog sien as teken van die verbond. As ons vandag nog die reënboog sien, herinner dit ons aan die dinge wat ons moet raaksien:

1. Die wêreld is vol sonde en ons moet hulle waarsku dat daar oordeel kom.
2. God is genadig en Hy red ons van die straf wat kom.

Huisgodsdien vir die week.

Maandag

Lees Genesis 6.

Hierdie hoofstuk vertel ons van gebeure voor die vloed.

Dinsdag

Lees Genesis 7.

In hierdie hoofstuk lees ons van die vloed self.

Woensdag

Lees Genesis 8.

In hoofstuk 8:1 lees ons dat God aan Noag gedink het en toe draai die verhaal en sak die water.

Donderdag

Lees Genesis 9.

Hoofstuk 9 vertel van die gebeure direk na die vloed.

Vrydag

Lees Genesis 11:1-9.

Dit vertel van die gebeure by die toring van Babel.

Vlak 3 en vlak 4: B3. Die vloed.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 6:1-22, 7:21-24, 8:1. 9:1-17.

Noag het God se opdrag gehoor en was gehoorsaam daaraan. God het hom en sy gesin gered, maar die res van die mense het omgekom.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Hebreërs 11:1-7. Dit leer ons hoekom Noag gehoorsaam was. Hy het nog net gehoor, maar nog nie gesien nie en tog was hy gehoorsaam, omdat hy geglo het wat God sê is waar en dit gaan werklik gebeur. Sy geloof het so tot daad oorgegaan en daardeur is hy gered.

Dit is presies wat Hebreërs 11:1 ook deurgee as die definisie van geloof. Hebreërs 11:6 wys dan ook dat dit nie moontlik is om God se woorde te glo en Hom die eer te gee as jy nie ten eerste glo dat Hy regtig bestaan nie.

Dit is juis die probleem van die sondige wêreld van Noag se tyd en vandag. Die waarskuwing in daardie tyd, en vandag is: Hier kom oordeel! Die mense hoor, sien die tekens van die tyd, maar steur hulle nie daaraan nie, want hulle glo nie regtig God bestaan nie. Hulle glo nie dat Jesus weer gaan kom om te oordeel nie. Net die wat glo, sal gered word.

Glo jy?

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 6:1-22, 7:21-24, 8:1. 9:1-17. As mens die Noag verhaal lees, is dit nie so duidelik dat die mense gewaarsku is oor die komende oordeel nie. 'n Mens kan jou wel indink, dat vir Noag dit baie jare moes vat om die ark te bou en as mense hom sou vra: Hoekom bou jy 'n ark in die woestyn, sou hulle die waarskuwing hoor: Hier kom oordeel! Hulle het gehoor en gesien, maar nie geglo nie.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Matteus 24:35-44. Dit verduidelik dat dit presies is wat gebeur het, maar die mense het hulle nie daaraan gesteur nie. Hulle het nie die boodskap geglo nie en ten diepste nie geglo God bestaan werklik nie. Hebreërs 11 wys ons dat Noag wel geglo het. Sy geloof het oorgegaan in daad en so is hy gered.

Dit roep ons op tot twee dinge:

1. Ons moet glo en gereed wees, want die oordeel kom onverwags.
2. Ons moet ander vertel: Daar kom oordeel!

Ons sien dan ook aan die einde van die Noag verhaal, hoe Noag, uit dankbaarheid vir sy verlossing, aan God die eer gee. Die eerste ding wat hy doen, is om 'n altaar vir God te bou.

Hoe wys jy jou dankbaarheid dat jy, soos Noag, gered is van die oordeel?

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Genesis 6.

Hierdie hoofstuk vertel ons van gebeure voor die vloed.

Dinsdag

Lees Genesis 7.

In hierdie hoofstuk lees ons van die vloed self.

Woensdag

Lees Genesis 8

In hoofstuk 8:1 lees ons dat God aan Noag gedink het en toe draai die verhaal en sak die water.

Donderdag

Lees Genesis 9.

Hoofstuk 9 vertel van die gebeure direk na die vloed.

Vrydag

Lees Heb 11:1-7, Mat 24:35-44.

Ander dele in die Bybel verwys ook terug na vloed. Hebreërs 11 verduidelik hoe geloof 'n rol gespeel het in die Noag verhaal en Matteus 24 vertel vir ons hoe die vloed vandag steeds vir ons 'n waarskuwing is vir die oordeelsdag wat nog kom.

Vlak 1 en vlak 2: C1. Abraham en Isak.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

Na die saagtandprentjie van die oergeskiedenis, tree ons nou in die res van die boek Genesis in. In die res van Genesis leer ons dan van Noag nageslag. Hulle word die aartsvaders genoem: Abraham, Isak, Jakob en Josef. In hierdie boekie wil ons graag ook uitkom by die onbekende dele van die profete, so in plaas daarvan om na elkeen van hulle te kyk, doen ons net een les in die tyd van Abraham en Isak en een les in die tyd van Jakob en Josef. God roep vir Abraham om weer 'n nuwe begin te maak. Hy sluit dan 'n verbond met Abraham waarin hy hom belooft dat hy 'n land en 'n groot nageslag sal kry. Abraham het hierdie beloftes geglo. Ons lees ook hoe sondig die wêreld was en hoe God die sonde straf met die vernietiging van Sodom en Gomorra. Vyf en twintig jaar na die belofte van 'n groot nageslag het Abraham steeds nie sy eie seun gehad nie. Toe hy 100 jaar oud was en Sara 90, het die wonder gebeur dat Isak gebore is. God het toe Abraham se geloof getoets deur hom 'n opdrag te gee om sy seun te offer. In die plek van Isak, het God toe 'n plaasvervangende ram voorsien. Die verhaal van hoe Isak 'n vrou gekry het, wys ook duidelik hoe in beheer God is van alles wat gebeur.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Abraham se verhaal begin waar hy hoor hoe die Here hom roep in Genesis 12. Die Here het met Abraham 'n verbond (ooreenkoms) gesluit.

Lees nou Genesis 15:1-6. Abraham hoor hier van die belofte van die verbond: 'n Groot nageslag. Al het dit onmoontlik gelyk op sy ouderdom het hy dit geglo (Genesis 15:6).

Lees Genesis 22. Na 25 jaar se wag het God vir Abraham 'n seun gegee. Abraham hoor dan die vreeslike opdrag dat hy sy seun moes gaan offer. Weer hoor ons dat Abraham gehoorsaam was. Die gedeelte eindig waar Abraham God se stem hoor en dat God hom keer om dit te doen. God het vir hom 'n ram gegee om te offer in die plek van Isak. Abraham hoor dan nog twee keer uit die hemel die seën wat God belooft.

Ons moet hoor as God praat, Sy beloftes glo, Sy opdragte gehoorsaam en weet dat Hy ook die uitkoms voorsien as ons Sy pad in gehoorsaamheid stap.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vroeë ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vroeë om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Genesis 15. Abraham wil dat die Here sien hy het nie 'n nageslag nie (15:3), maar die Here wil dat Hy sy grootheid in die hemelruim sien (15:5). As Abraham dan sien wie God is, glo Hy dat God sy beloftes sal nakom (15:6).

Die volgende ding wat Abraham gesien het, is hoe God alleen tussen die diere deurgegaan het. Dit wys daarop dat God 'n eensydige verbond met Abraham gesluit het.

Lees Genesis 22. Ons sien hier hoe God vir Abraham die vreeslike opdrag gee om sy enigste seun te offer. As Isak nie die offerdier sien nie, hoor ons Abraham se antwoord in geloof dat God sal voorsien. Die uiteinde van die verhaal is dat hulle die plaasvervangende ram sien wat hulle kon offer in Isak se plek.

Ons moet in die Woord sien wie God werklik is. As ons oë dan oopgaan, sien ons dat Jesus Christus die plaasvervangende offer vir ons sonde was en ons so deel in die beloftes van God in die Bybel.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Genesis 12.

Ons lees hier hoe God Abraham, op 75 jaar, geroep het en vir hom die verbondsbeloftes maak.

Dinsdag

Lees Genesis 15.

Hier is Abraham al 84. Ons lees hier hoe die formele verbondsluiting gebeur het.

Woensdag

Lees Genesis 20.

Hier is Abraham al 100 jaar en die onmoontlike gebeur: Sy seun Isak word gebore.

Donderdag

Lees Genesis 22.

Toe Abraham ongeveer 112 en Isak 12 was, het die Here hom geroep om sy seun te offer.

Vrydag

Lees Genesis 24.

Abraham het sy slaaf gestuur om vir Isak 'n seun te gaan soek in sy geboorteland. Hierdie gebeure wys hoe presies God in beheer is van alles wat gebeur.

Vlak 3 en vlak 4: C1. Abraham en Isak.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 12:1-3 en Genesis 15. Ons lees hier hoe God sy verbond met Abraham gesluit het. Genesis 15:6 sluit mooi aan by ons tema: *Hy het die Here geglo. En Hy het dit vir hom as geregtigheid toegereken.*

Nuwe Testament toepassing.

Lees Hebreërs 11:9-19. Hierdie deel gee twee wonderlike redes hoekom Abraham God se opdragte gehoorsaam het. Die eerste is in Hebreërs 11:10 wat wys dat Abraham reeds geglo het dat daar eendag 'n ewige woonplek by God gaan wees. Dit het gemaak dat hy na die beloofde land wou trek as God hom daarheen roep. Die tweede rede is in Hebreërs 11:19. Abraham het geglo in die opstanding uit die dood.

Genesis 15:6 is 'n kernvers oor geloof en word ook so in die Nuwe Testament aangehaal. Galasiërs 3 is een voorbeeld. Dit wys vir ons as ons soos Abraham glo, ons geloofskinders van Abraham word en daarom ook soos Abraham, deel in God se verbond en in Sy beloftes.

Ons glo ook God gaan ons eendag opwek uit die dood om vir ewig by Hom te bly! Dit maak ons so dankbaar dat as ons opdragte uit God se Woord hoor, al is hulle soms moeilik, ons dit dadelik gehoorsaam en doen.

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 12:1-3 en Genesis 15. Abraham ontvang die verbond en verbondsbeloftes van God. Ons lees in Gen 12:3 dit is nie net vir homself nie, maar sal vir alle nasies tot seën wees.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Galasiërs 3:1-18. Hebreërs 11 en die eerste deel van Galasiërs 3, saam met Genesis 15:6 wys dat Abraham God se beloftes geglo het en dit hom tot geregtigheid gereken is en as ons dit glo, ons ook sy geloofskinders is.

Ons sien in Galasiërs 3:11-13 dit het gebeur deur Jesus Christus wat ons sonde vir ons aan die kruis gedra het. Ons glo dus ten eerste dat ons sonde vergewe is, en daarom kan ons glo dat die belofte van die opstanding uit die dood en 'n ewige lewe by God vir ons vas en seker is.

Vers 15 gee vir ons God se doel van die beloftes van God aan Abraham en al sy geloofskinders:

1. Dat ons die Heilige Gees sal ontvang om in ons harte te werk.
2. Dat die seën (wat al in Gen 12:3 beloof is) by al die nasies moet uitkom. Daardie seën kom net deur die wat Jesus Christus gedoen het en nog gaan doen.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Genesis 12.

Ons lees hier hoe God Abraham, op 75 jaar, geroep het en die vir hom verbondsbeloftes maak.

Dinsdag

Lees Genesis 15.

Hier is Abraham al 84. Ons lees hier hoe die die formele verbondsluiting gebeur het.

Woensdag

Lees Genesis 20.

Hier is Abraham al 100 jaar en die onmoontlike gebeur: Sy seun Isak word gebore.

Donderdag

Lees Genesis 22.

Toe Abraham ongeveer 112 en Isak 12 was, het die Here hom geroep om sy seun te offer.

Vrydag

Lees Hebreërs 11:9-19 en Galasiërs 3:1-18 om te sien hoe die Nuwe Testament Abraham se geloof verduidelik en hoe ons moet verstaan dat almal wat glo, kinders van Abraham is en deel kry aan die beloftes wat God aan Abraham gemaak het.

Vlak 1 en vlak 2: C2. Jakob tot Josef.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

In die vorige les het ons vir Abraham en Isak leer ken. Isak het twee seuns gehad: Jakob en Esau. Jakob was 'n bedrieër. Met 'n skelmstreek het hy Esau se eersgeboortereg gesteel. Esau wou hom toe doodmaak en hy moes uit die land uit vlug. Oppad het God in 'n droom aan hom verskyn en die verbond met hom bevestig. By sy oom Laban het hy met Lea en Ragel getrou. Deur jaloesie tussen die vroue is twaalf seuns gebore. Hulle het die twaalf stamme van Israel geword. 'n Hele klomp jaar later het Jakob terug getrek na Kanaän. Oppad het God sy naam verander na Israel – dit sou dan ook die naam van die volk van God word. Een van die twaalf seuns se naam was Josef. Hy het gedroom sy pa en broers buig voor hom. Sy broers was jaloers op hom en het hom as slaaf na Egipte verkoop. Daar was God by hom en het hy uiteindelik die onderkoning geword en kon sy familie red van uitwissing deur hulle na Egipte toe te laat verhuis. Jy kan ook Psalm 105:1-25 of Handeling 7:1-6 as opsomming van die geskiedenis lees vir jou eie voorbereiding of selfs vir hulle voorlees as opsomming.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Om later meer aandag aan die profete te gee spring hierdie les oor Jakob se verhaal en tot by die einde van die Josef verhaal in Genesis 45. Lees Genesis 45:1-46:7 asook Genesis 50:19-20.

Die hoofstuk begin waar die Egiptenare en Farao Josef hoor huil. Daarna lees ons hoe sy broers moes hoor dat hy hulle broer was wat hulle as slaaf verkoop het, maar dan hoor hulle ook sy woorde: *dit is vir die behoud van lewens dat God my voor julle uit gestuur het (Gen 45:5)*. Lees ook verse 6 en 7 en Genesis 50:19-20.

Josef het toe by die Farao gehoor dat hy sy familie na Egipte toe kon laat trek. Later in die hoofstuk hoor Jakob dan die nuus by sy seuns dat sy seun Josef nog leef. Hy hoor ook by God self, dat hy saam met hom sal trek Egipte toe.

Dit is duidelik dat God in beheer was van alles wat gebeur het en so sy volk in die lewe gehou het. Hy is vandag nog so in beheer en bewaar Sy volk tot Jesus weer kom om ons te kom haal.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vroeë ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vroeë om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Om later meer aandag aan die profete te gee spring hierdie les oor Jakob se verhaal en tot by die einde van die Josef verhaal in Genesis 45. Lees Genesis 45:1-46:7 asook Genesis 50:19-20.

Josef se broers het hom gesien, maar hom nie herken nie. As hy hom dan aan hulle bekend maak, sien ons dat dit wat Josef as jong seun in 'n droom gesien het, hier fisies waar geword het.

Die hoofstuk wys ons hier dat, ten spyte van al die swaar wat Josef moes deurgaen, Hy God se hand in al die gebeure kon raaksien: *want dit is vir die behoud van lewens dat God my voor julle uit gestuur het. ...Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle nakomelinge te vestig op aarde, en om julle in die lewe te hou met die oog op 'n groot uitredding. Dus, dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. (Gen 45:5-7)*. Lees ook Genesis 50:19-20.

Nadat sy broers vir Jakob vertel het dat Josef nog leef, het hy die behoefte gehad om sy seun weer te sien (vers 28). So sien ons hoe God in beheer is van die geskiedenis om Sy volk te red. Dit is vandag nog so.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Genesis 29-30.

Jakob was 'n bedrieër en tog word sy naam verander na Israel, die volk se naam. Twaalf seuns word gebore uit jaloesie en tog word hulle die twaalf stamme van God se volk.

Dinsdag

Lees Genesis 37.

Jaloesie speel weer 'n rol, want Josef droom hoe sy broers en pa voor hom sou buig as koning en so verkoop hulle hom as slaaf.

Woensdag

Lees Genesis 41.

Reg deur Josef se ervaring as slaaf en as tronkvoël was God by hom. Telkens gebruik Hy weer drome waarin Hy die toekoms aan Josef bekend maak om die geskiedenis te stuur.

Donderdag

Lees Genesis 45.

As Josef homself uiteindelik aan sy broers bekend maak, as koning, gee hy vir hulle die perspektief, dat God in beheer was van al die dinge om sy uitverkore volk te red.

Vrydag

Lees Genesis 50.

Jakob en sy gesin het na Egipte verhuis en hy het daar gesterf. Ons lees hier van sy begraving. Ons sien ook Josef se uitspraak dat God iets goeds met hulle kwaad beplan het.

Vlak 3 en vlak 4: C2. Jakob tot Josef.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Genesis 45:1-46:7 en Genesis 50:19-20. Josef het geglo God is in beheer van die geskiedenis, juis om die vervulling van sy beloftes waar te maak.

Toe Jakob aanvanklik hoor Josef leef nog, het hy hulle nie geglo nie, maar toe hy die goed sien wat saamgestuur is het hy geglo. God self het hom ook verseker dat hy na Egipte moes trek en in geloof het hy dit gedoen (Gen 45:26-46:4).

Nuwe Testament toepassing.

Heb 11:1 het 'n definisie gegee van geloof. Die Heidelbergse kategismus leer ons: 'n Ware geloof is 'n gewisse kennis waardeur ek alles wat in God se Woord staan as waar aanvaar, en dit is 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees, deur die Evangelie, in my hart werk, dat God my sondes ter wille van Christus vergeef het.

Lees Hebreërs 11:9-22. Abraham het die belofte van 'n land gekry, maar teen die einde van Genesis is ons al in die derde geslag en trek hulle Egipte toe. Daar is geen teken van die vervulling van hierdie belofte nie. Hulle het dit gehoor, maar nog glad nie gesien nie. Hebreërs 11 verduideik dat hulle dit wel steeds geglo het. Maar meer nog: Hulle het geglo in 'n ewige hemelse land!

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees die teks gedeelte. Na die sondeval het ons gesien hoe God 'n nuwe begin met Abraham gemaak het deur 'n verbond met hom te sluit. Hierdie verbond het verbondsbeloftes gehad van 'n land, 'n groot nageslag en seën vir alle nasies.

Josef se belydenis in Genesis 45:7-8 en 50:19-20 bevestig dat die geskiedenis deur God bestuur word in lyn met die verbond en ter vervulling van die verbondsbeloftes: *want dit is vir die behoud van lewens dat God my voor julle uit gestuur het. ...Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle nakomelinge te vestig op aarde, en om julle in die lewe te hou met die oog op 'n groot uitredding. Dus, dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. (Gen 45:5-7)*

Die twaalf seuns wat vir Jakob gebore is, het die twaalf stamme van Israel geword. Die trek na Egipte het hulle bestaan beskerm en getalle laat vermeerder.

Nuwe Testament toepassing.

In Opebaring 7 sien ons hulle in volmaakte getalle in die finale en ewige beloofde land. Ons sien ook dat alle volke, tale en nasies geseën word deur te deel in die finale uitkoms. Almal saam is daar om God te verheerlik en so word God se doel met ons almal vervul.

Vra die groep of hulle ook sien dat God in beheer is en glo dat Sy beloftes vir hulle geld. Begelei hulle om die wonder daarvan te ervaar sodat hulle God daarvoor wil verheerlik en ander wil vertel.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Genesis 29-30.

Jakob was 'n bedrieër en tog word sy naam verander na Israel, die volk se naam. Twaalf seuns word gebore uit jaloesie en tog word hulle die twaalf stamme van God se volk.

Dinsdag

Lees Genesis 37.

Jaloesie speel weer 'n rol, want Josef droom hoe sy broers en pa voor hom sou buig as koning en so verkoop hulle hom as slaaf.

Woensdag

Lees Genesis 41.

Reg deur Josef se ervaring as slaaf en as tronkvoël was God by hom. Telkens gebruik Hy weer drome waarin Hy die toekoms aan Josef bekend maak om die geskiedenis te stuur.

Donderdag

Lees Genesis 45.

As Josef homself uiteindelik aan sy broers bekend maak, as koning, gee hy vir hulle die perspektief, dat God in beheer was van al die dinge om sy uitverkore volk te red.

Vrydag

Lees Hebreërs 11:9-22 en Openbaring 7.

Hierdie dele wys die rol van geloof in hierdie gebeure en die finale uitkoms van God se plan met sy volk.

Vlak 1 en vlak 2: D1. Die uittog verhale.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan. In die vorige twee lesse het ons van die Aartsvaders Abraham, Isak, Jakob en Josef geleer. Aan die einde van Genesis het God hulle na Egipte gelei om so Sy volk te beskerm en te laat groei. In Eksodus lees ons nou dat hulle later slawe daar geword het. Genesis 1-15 vertel ons hoe Moses in sy eerste veertig jaar deur God in die koning se paleis opgelei is. Daarna het hy vir nog veertig jaar in die woestyn skape opgepas om gereed te wees om die volk deur die woestyn te lei. God het homself as “Ek is”, die Verbondsgod aan Moses geopenbaar by die brandende bos en hom op tagtigjarige ouderdom geroep die volk uit Egipte te lei. Vir nege plae lank het die Faraο gehoor hy moet die volk laat trek, maar weier elke keer. Jy kan ook Psalm 105:23-45 of Handeling 7:14-37 lees as opsomming van die geskiedenis.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Eksodus 12. Net voor die tiende plaag het die volk die opdrag van God gehoor. Hulle moes ‘n lam slag en die bloed aan die deurkosyn smeer. Hulle het dit toe so gedoen.

Daardie nag kon jy uit elke huis in Egipte ‘n hartseer geskreeu hoor. Die eersgeborenes in die hele Egipte het gesterf, maar by die huise waar die bloed gesmeer was, het die dood verbygegaan.

Die volk moes van toe af, op dieselfde dag, die Pasga vier. Pasga beteken “verbygaan”. Elke jaar daarna moes hulle ‘n lam slag om die gebeure te onthou. Die opdrag van God was dat hulle kinders ook hierdie verhaal van God se verlossing moes hoor.

Jesus is later op die Paasfees gekruisig as die Lam van God om ons uit ons slawerny van sonde uit te lei. Daarom vier ons vandag nog die nagmaal en hoor ons ook elke keer Sy verlossingsboodskap.

Faraο het die volk toe laat trek, maar kort daarna hulle weer agterna gesit. Die Here het hulle gered deur hulle droogvoets deur die Rooisee te laat trek en die Faraο en sy weermag te laat verdrink.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met ‘n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Eksodus 12. In die voorafgaande hoofstukke was die eerste gerustellende “sien” dat God sy volk se swaarkry raaksien. Daarom roep Hy vir Moses. Hy laat hom ‘n brandende bos “sien” en maak Hom dan bekend as “Ek is”. Dit is die naam van die Verbondsgod wat voor alles al daar was en vir altyd daar sal wees. Die volk en Faraο sien dan God se almag in tien plae.

As God met die tiende plaag sien dat die volk sy opdrag gehoorsaam, deur bloed aan die kosyn te smeer, het hy by hulle huise verbygegaan, maar die ander eersgeborenes het almal gesterf.

Die volk moes van toe af, op dieselfde dag, die Pasga vier. Pasga beteken “verbygaan”. Elke jaar daarna moes hulle ‘n lam slag om die gebeure te onthou. As die kinders dan hierdie gebeure sien en vra, moes die ouers vir die kinders vertel van God se verlossingswerk.

Jesus is later op die Paasfees gekruisig as die Lam van God om ons uit ons slawerny van sonde uit te lei. Daarom vier ons vandag nog die nagmaal waar ons die tekens van brood en wyn sien as herinnering van Jesus Christus se verlossingswerk..

By die Rooisee het die volk gesien hoe Faraο hulle agterna sit, maar kon net stil staan en sien hoe God hulle verslaan! Na alles wat hulle gesien het, is hulle met ontsag vervul.

Huisgodsdienst vir die week.

Maandag

Lees Eksodus 1.
Ons lees hier hoe die twaalf seuns van Jakob (Israel), twaalf stamme geword het en dat God se belofte van ‘n groot nageslag vervul is, maar dat die Faraο hulle slawe gemaak het.

Dinsdag

Lees Eksodus 2.
Hier lees ons van Moses se eerste 40 jaar waarin hy voorberei is deur in die koning se paleis te leef en dat God sy volk se hulpgeroep gehoor het.

Woensdag

Lees Eksodus 3.
Moses het sy tweede 40 jaar in die woestyn deurgebring om hom voor te berei om die volk deur die woestyn te lei. God roep hom uit ‘n brandende bos en maak Hom bekend as “Ek is”.

Donderdag

Lees Eksodus 12.
Ons sien hier hoe Moses terugkeer na Egipte en God hom bemagtig en Aäron as hulp gee.

Vrydag

Lees Eksodus 12.
Na die nege plae in die hoofstukke tussenin, lees ons hier van die instelling van die Pasga en hoe God uiteindelik die volk laat trek het.

Vlak 3 en vlak 4: D1. Die uittog verhale.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Eksodus 12. Tydens die tiende plaag, moes die volk 'n lam slag en glo dat die bloed aan die kosyn hulle sou red. Die Pasga is toe ingestel om die volk daaraan te herinner. Daarteenoor het die Farao nie geglo nie en elke eersgeborene van die Egiptenare het gesterf.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Hebreërs 11:23-29. Hierdie gedeelte wys hoe Moses se ouers, Moses self en die volk in geloof deur hierdie uittog gebeure gegaan het.

God openbaar homself in hierdie geskiedenis as "Ek is" aan Moses by die brandende bos. In die Johannes evangelie, wys Jesus telkens dat Hy die "Ek is" van die Ou Testament is en dat ons in Hom moet glo.

Jesus is baie jare later, op presies dieselfde dag, tydens die Pasga, as Paaslam geslag. Ons moet ook glo sy bloed sal ons van die ewige dood red.

By die Rooisee moes die volk ook glo dat God hulle sou verlos en die weg open na die beloofde land. Ons moet ook glo dat Jesus die enigste weg na die ewige lewe is (Joh 14:5-6).

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Eksodus 12. Dit is 'n kern hoofstuk omdat dit direk verwys na die hoogtepunt van die Evangelie. Die Paaslam word geslag op 14 Abib (die eerste maand). Die bloed aan die kosyn het die dood by die gelowiges laat verbygaan. Daarna moes die volk jaarliks hierdie gebeure herdink met die Pasga. Die fees was ter ere van die Here (:14). Hierdie fees is so ingestel dat die gesinshoof sy kinders moes vertel en herinner aan God se verlossingsdaad.

Nuwe Testament toepassing.

Lees I Kor 11:23-29. Die Nuwe Testament wys dat Jesus die Lam van God genoem word en dat Hy juis op die Pasga vir ons sonde gekruisig is. In die boek wat gebruik is om die tydlyn op te stel is uitgewys dat Jesus ook op 14 Abib gekruisig is. God is presies in beheer van die geskiedenis oppad na Sy plan. As God dan Jesus se bloed sien, gaan Hy by ons sonde verby en so verkry ons die ewige lewe.

Jesus het voor sy kruisiging die nagmaal ingestel in die plek van die Pasga. Ons as gemeenskap van gelowiges vier dit saam ter ere van die Here. Dit is ook die geleentheid waarin ons saam versterk word in ons geloof as ons Sy verlossingsdaad aan ons onthou. Ook in ons gesinne, moet ons mekaar herinner wat Hy gedoen het, maar ook dat Hy weer kom.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Eksodus 1.

Ons lees hier hoe die twaalf seuns van Jakob (Israel), twaalf stamme geword het en dat God se belofte van 'n groot nageslag vervul is, maar dat die Farao hulle slawe gemaak het.

Dinsdag

Lees Eksodus 2.

Hier lees ons van Moses se eerste 40 jaar waarin hy voorberei is deur in die koning se paleis te leef en dat God sy volk se hulpgeroep gehoor het.

Woensdag

Lees Eksodus 3.

Moses het sy tweede 40 jaar in die woestyn deurgebring om hom voor te berei om die volk deur die woestyn te lei. God roep hom uit 'n brandende bos en maak Hom bekend as "Ek is".

Donderdag

Lees Eksodus 12.

Na die nege plaeg in die hoofstukke tussenin, lees ons hier van die instelling van die Pasga en hoe God uiteindelik die volk laat trek het.

Vrydag

Lees Hebreërs 11:23-29 en I Kor 11:23-29.

Hebreërs 11 gee weereens vir ons die perspektief van geloof op hierdie gebeure en I Korintiërs 11 wys ons dat Jesus die nagmaal in die plek van die Pasga ingestel het.

Vlak 1 en vlak 2: D2. Die wet by Sinaï.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

In die vorige les het ons gesien hoe almagtig God is. Hy het Sy almag in die tien plaes gewys en die volk droogvoets deur die Rooisee gelei. In hierdie les sien ons God het Sy volk gelei na die berg Sinaï. In Eksodus 19 openbaar God Homself as die heilige God. Hulle moes hulleself ook heilig voordat hulle Sy wette kon ontvang. In Eksodus 20-24 sien ons hoe God die verbond wat hy met die Aartsvaders gesluit het ook hier met Sy volk sluit. Die wette is die verbondsvoorwaardes wat hulle moes doen uit dankbaarheid vir wat God alles vir hulle gedoen het. In Eksodus 32-33 sien ons hoe die volk reeds die verbond verbreek, maar in Eksodus 34 sien ons God se genade en hernu Hy weer Sy verbond met die volk.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Eksodus 20:1-20:2. Die volk het God uit donderslae gehoor praat vanaf die berg. Wat hulle by Hom gehoor het is die Tien gebooie. Maar eers moes hulle van Moses hoor wat God alles vir hulle gedoen het, sodat hulle die Tien gebooie wil nakom uit dankbaarheid.

Die Tien gebooie is op twee kliptafels neergeskryf. Die eerste vier gebooie leer ons van ons liefde tot God. Hy is die enigste God, ons mag net Hom aanbid en met alles in ons lewe moet ons Hom eer. Die tweede tafel het ses gebooie en leer ons hoe om in liefde met ons naaste te leef.

Lees Deuteronomium 6:1-9, 20-25. Baie van dieselfde geskiedenis word in die boek Deuteronomium vertel. Ons kry ook die tien gebooie in Deuteronomium 5, die hoofstuk net voor waar ons nou gelees het. Hier kry ons 'n mooi opsomming: *4“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. 5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.*

Moses het vir die volk 'n opdrag gegee dat hulle hulle kinders gereeld van die Tien gebooie moet vertel. Dit is hoekom ons dit nog steeds vandag elke Sondag in die kerk hoor.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Eksodus 34. Die volk kon die Tien gebooie op kliptafels sien, maar toe hulle Moses nie meer sien vir veertig dae nie, het hulle 'n goue kalf gemaak wat hulle kon sien.

Moses moes weer die berg opgaan om God om genade te smee en ons sien in God se openbaring dat Hy 'n regverdige, maar ook genadige God, vol liefde en trou is.

Toe Moses van die berg afgekome het, het hulle gesien hoe sy gesig straal van die heerlijkheid wat Hy beleef het in God se teenwoordigheid.

Lees Deuteronomium 6:1-9, 20-25. Baie van dieselfde geskiedenis word in die boek Deuteronomium vertel. Ons kry ook die tien gebooie in Deuteronomium 5, die hoofstuk net voor waar ons nou gelees het. Hier kry ons 'n mooi opsomming: *4“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. 5Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.*

Moses het die volk beveel dat die wet in hulle lewens gesien moet kan word as herinneringsteken dat hulle aan God behoort. As hulle kinders dit dan sien en daarvoor vra, moet hulle vertel word van God se verlossingswerk.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Eksodus 19.

God wys sy almag as enigste ware God en gee dan vir die volk sy verbondsvoorwaardes.

Dinsdag

Lees Eksodus 20.

God gee sy tien gebooie. Ons hoor dit nog elke Sondag in die kerk.

Woensdag

Lees Eksodus 32.

Skaars veertig dae later, breek die volk reeds die wet en maak hulle vir hulle 'n beeld van goud.

Donderdag

Lees Eksodus 34.

God openbaar Homself verder as 'n genadige en barmhartige God en hernu weer die verbond. Hy gee 'n tweede keer die wet op kliptafels.

Vrydag

Lees Deuteronomium 6.

Net na Moses die wet veertig jaar later weer afkondig, leer hy ons ook hoe om daarmee om te gaan en dat ons dit vir ons kinders moet leer.

Vlak 3 en vlak 4: D2. Die wet by Sinai.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in dae van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Eksodus 20:1-20:2 en Deuteronomium 6:1-9. Hier by Sinai hernu God die verbond met die volk en maak hulle sy volk. Hulle ontvang dan die verbondsvoorwaardes, die Tien gebooe.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Romeine 4. By alle ander godsdienste moet mense dinge doen om guns by hul gode te verkry. Ons as mense val so maklik in daardie verkeerde siening van God. Ons kan nie God se guns wen deur sy wette te onderhou nie. Die wet wys juis dat ons sondige mense is en God se straf verdien.

Ons word slegs kinders van God se volk deur te verstaan dat ons nie God se wette kan hou nie en die ewige dood verdien, maar dat Jesus Christus vir ons sonde betaal het. Ons glo dat Hy opgestaan het en weer kom om ons te kom haal.

Hoekom gehoorsaam ons dan nog die Tien gebooe? Ons doen dit uit dankbaarheid dat God ons ook uit ons sondeslawerny gered het. Daarom het ons Hom lief met ons hele hart en siel en wil ons in liefde met ons naaste en almal rondom ons leef.

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Eksodus 20:1-20:2 en Deuteronomium 6:1-9. Hier By Sinai hernu God die verbond met die volk en maak hulle Sy volk. Hulle kry dan die verbondsvoorwaardes, die Tien gebooe.

Nuwe Testament toepassing.

II Korintiërs 3. Niemand kan God se guns wen deur wetsonderhouding nie. Almal is skuldig en oortree die wet. Al hoe die stukkende verhouding met God reggemaak kan word is deur te glo dat Jesus Christus dit reeds vir ons gedoen het. Uit dankbaarheid vir Sy verlossings werk, wil ons nou die wet onderhou.

Maar hoe kry ons so geloof? Die volk moes jaarliks die fees van die weke (ook genoem die Pinksterfees) hou presies op die dag wat hulle die Wet op kliptafels ontvang het. Hierdie fees het ook saamgeloop met die insameling van die koringoes. God is so presies in beheer van die geskiedenis: Een duisend vyfhonderd jaar later, is die Heilige Gees uitgestort op die Pinksterfees. Die Bybel beskryf dit dat mense se klipharte na harte van vlees verander het. Dit is die nuwe verbond waarvan II Korintiërs 3 vertel. So, Heilige Gees verander ons harte dat ons kan glo en God en ons naaste kan liefhê en so die Tien Gebooe uit dankbaarheid leef tot Jesus weer kom.

En juis daarom vertel ons ons kinders en almal rondom ons die goeie nuus! Op die manier help ons ook met die insameling van die oes tot Jesus weer kom.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Eksodus 19-20:2.

God wys sy almag as enigste ware God en gee dan vir die volk sy verbondsvoorwaardes.

Dinsdag

Lees Eksodus 32.

Skaars veertig dae later, breek die volk reeds die wet en maak hulle vir hulle 'n beeld van goud.

Woensdag

Lees Eksodus 34.

God openbaar homself verder as 'n genadige en barmhartige God en hernu weer die verbond. Hy gee 'n tweede keer die wet op kliptafels.

Donderdag

Lees Deuteronomium 6.

Net na Moses die wet veertig jaar later weer afkondig, leer hy ons ook hoe om daarmee om te gaan en dat ons dit vir ons kinders moet leer.

Vrydag

Lees Romeine 4 en II Korintiërs 3

Ons hou nie die wet om so gered te word nie, ons word gered deur geloof. Ons hou die wet uit dankbaarheid. Liefde tot God en ons naaste is die volvoering van die wet.

Vlak 1 en vlak 2: D3. Godsdienstige gebruike.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

In die vorige les het ons gesien hoe die heilige God Sy verbond met die volk gesluit het. In die jaar wat hulle by die berg Sinai gebly het, het God ook aan die volk gewys hoe Hy wou hê hulle moet Hom aanbid. Hy het instruksies gegee oor hoe die tabernakel gebou moes word. Hy het priesters aangestel wat in die tabernakel moes werk en ook die offerdiens ingestel as die manier hoe hulle met God versoen kon word.

Hulle moes ook elke jaar seker feeste vier wat hulle moes herinner aan God se daede in die verlede en wat ook vooruitgewys het na Christus se verlossingswerk wat nog sou kom.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

In die laaste deel van Eksodus hoor die volk God se opdragte om die tabernakel te bou. Die tabernakel was 'n tent, amper soos ons kerk en dis waar al die godsdienstige gebruike plaasgevind het. Dit het gewys dat God by hulle is.

In Levitikus hoor ons van priesters en offers. Die priesters moes al die werk by die tabernakel doen en ook die offers bring. Die mense het bly sonde doen en dit verbreek die verhouding met God. God het offers ingestel dat 'n dier in die plek van die mens sou sterf om vir die sonde te betaal. Dit moes gereeld gedoen word.

Lees Levitikus 23. Hier hoor die volk ook God se opdragte oor feeste. Dit moes hulle laat onthou wat God vir hulle gedoen het en hulle moes die eer aan God gee

Hierdie godsdienstige gebruike en feeste het alles vooruit gewys na die verlossingswerk wat Jesus Christus sou doen, en is alles in Hom vervul. Ons hou daarom nie meer hierdie gebruike nie.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Levitikus 23.

Offers. God se straf op die verbreking van die verbond, is die dood. God se antwoord op die oortreding van individue: In Sy genade aanvaar hy 'n plaasvervanger – 'n volmaakte dier. Die mens het sy hand op die kop van die dier gesit en so simbolies die sonde op die dier oorgedra. Die dier het dan in die plek van die mens gesterf.

Priesters. Die eersgeborene van elke familie het aan God behoort. Die gebruik was gegrond op die herinnering aan hoe God sy volk in Egipte aan die dood laat ontkom het. As plaasvervanger van die oudste seun in elke familie, staan die Leviete die priesters in hulle bediening by (Num 3:41). Die priesters verteenwoordig die volk voor God, tree by die voorgeskrewe offers op (Ex 28, Lev 16), leer die gewone mense die wet, en is verantwoordelik vir die bediening by die tabernakel. Die Hoëpriester het een maal per jaar op die groot Versoendag in die Allerheiligste ingegaan om vir die volk se sonde versoening te doen.

Feeste. Die Here het ook vir die volk feesdae voorgeskryf. Dit was feeste waarin hulle moes onthou wat God vir hulle gedoen het. As die volk dan al hierdie gebruike gesien het, het hulle eintlik net 'n skaduwee gesien van wat nog eendag gaan gebeur. Dit het alles vooruit gewys na Jesus Christus se verlossingswerk.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Eksodus 35.

Na die voorval met die goue kalf vertel die res van die boek Eksodus in presiese detail hoe die tabernakel moet lyk.

Dinsdag

Lees Eksodus 40.

In hierdie hoofstuk sien ons hoe God se heerlijkheid die tempel vul. Die die tabernakel het God se teenwoordigheid gesimboliseer.

Woensdag

Lees Levitikus 16.

Hierdie hoofstuk beskryf in detail wat op die dag van versoening moet gebeur. Een keer per jaar het die hoëpriester in die Allerheiligste van die tempel ingegaan om vir die volk se sonde versoening te doen.

Donderdag

Lees Levitikus 23.

Hierdie hoofstuk beskryf die feeste wat jaarliks gevier moes word. Elkeen van hierdie feeste het vooruitgewys na gebeure wat vervul is deur Jesus Christus.

Vrydag

Lees Numeri 8.

Van Eksodus 35 reg deur Levitikus tot by Numeri 8 gee God vir die volk hulle godsdienstige gebruike. Hier in Numeri 8 word verduidelik hoe die stam van Levi verantwoordelik is vir die priesterdiens.

Vlak 3 en vlak 4: D3. Godsdienstige gebruike.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in dae van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Lees Levitikus 23 en Hebreërs 10.

Die straf op sonde is die dood. Ons almal verdien dit, maar ons glo Jesus was die volmaakte offer wat eenmalig gebring is om ons van ons sonde te verlos. Ons hoef daarom nie meer offers te bring nie.

Die hoëpriester moes een keer per jaar, op die tiende van die sewende maand, vir die volk versoening doen deur in die Allerheiligste van die tempel in te gaan. Ons glo Jesus Christus was die volmaakte Hoëpriester wat die hemelse heiligdom ingegaan het om vir ons by God versoening te doen.

Omdat Hy vir ons sonde betaal het, is ons nou skoon gewas, en mag ons daarom voor God verskyn. Jesus het die pad oopgemaak en ons met God versoen, daarom mag ons nou direk intree by God. Ons glo daarom dat ons nou self tot Hom mag bid en vra vir vergifnis – ons het nie meer 'n aardse hoëpriester of tussenganger nodig nie.

As ons al hierdie verlossingswerk van Jesus en die beloftes van God glo, moet dit ook oorloop dat ons in gemeenskap met ander gelowiges moet leef. Die Heilige Gees werk in ons harte om ander aan te moedig om in liefde, mekaar te ondersteun tot goeie werke en om die eredienste by te woon.

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik.

Lees Levitikus 23 en Hebreërs 8. Hebreërs praat van 'n Nuwe Verbond wat in werking gekom het na Christus se verlossings werk.

Die Pasga op 14 Abib, is in Jesus vervul toe Hy op Paasfees gekruisig is (sien les D1). Die vergifnis van sonde was juis een van die beloftes van die Nuwe verbond. Die eerste gerf op 17 Abib, is in Jesus vervul toe hy 3 dae later uit die dood opgestaan het – die eersteling van die oes. Ons kyk daarna in Les D5.

Die Pinstertoes was presies 50 dae later en het saamgeval met die oorhandiging van die wet op kliptafels (sien les D2). Die Heilige Gees is op Pinkster uitgestort en het die wet nou in die harte van mense geskryf. Die inwoning en werking van die Heilige Gees was die ander belofte van die Nuwe verbond.

Een keer per jaar, op die tiende van die sewende maand het die hoëpriester in die Allerheiligste ingegaan om vir die volk versoening te doen. Hebreërs leer ons dat Jesus die Hoëpriester is wat in die hemelse heiligdom ingegaan het met Sy hemelvaart, om vir ons versoening te doen.

Die trompet op die 1ste dag van die sewende maand herinner ons aan die sewe trompet in Openbaring wat die wederkoms aankondig. In die sewende maand het hulle die huttefees gevier wat herinner het aan God se bewaring in die woestyn. Ook in ons swerwe oppad na die beloofde land, sal God ons bewaar tot Jesus weer kom om ons te kom haal.

As ons sien hoe presies alles vervul is, kan ons nie anders as om ander te wil vertel en God te verheerlik nie!

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Eksodus 35.

Na die voorval met die goue kalf vertel die res van die boek Eksodus in presiese detail hoe die tabernakel moet lyk.

Dinsdag

Lees Eksodus 40.

In hierdie hoofstuk sien ons hoe God se heerlikheid die tempel vul. Die tabernakel het God se teenwoordigheid gesimboliseer.

Woensdag

Lees Levitikus 16.

Hierdie hoofstuk beskryf in detail wat op die dag van versoening moet gebeur. Een keer per jaar het die hoëpriester in die Allerheiligste van die tempel ingegaan om vir die volk se sonde versoening te doen.

Donderdag

Lees Levitikus 23.

Hierdie hoofstuk beskryf die feeste wat jaarliks gevier moes word. Elkeen van hierdie feeste het vooruitgewys na gebeure wat vervul is deur Jesus Christus.

Vrydag

Lees Hebreërs 8 en 10.

Hierdie hoofstukke wys dat Jesus die vervulling van die Ou Testamentiese godsdienstige gebruike was. Hy self was die eenmalige beter offer en Hy is ook die Hoëpriester wat vir ons versoening gedoen het.

Vlak 1 en vlak 2: D4. Woestyntogverhale.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

In die vorige twee lesse was die volk vir 'n jaar by Sinaï. In die Bybel was dit vanaf Eksodus 19 tot die boek se einde, die hele boek Levitikus tot by Numeri 8. Hier van Numeri 9 af sien ons die volk trek nou verder. Na so ses maande was hulle by die beloofde land. Moses het twaalf verkenners gestuur om te gaan kyk hoe die land ingeneem moes word. Toe hulle terugkom was tien van die verkenners te bang. Hulle het vertel dat die mense soos reuse gelyk het. Die ander twee Josua en Kaleb, het gesê God sal die land vir hulle gee. Die volk het toe in opstand gekom en wou nie die land binneval nie. Omdat hulle God nie vertrou het nie, het God hulle gestraf en moes hulle nog 38 jaar deur die woestyn swerf. Almal ouer as 20 jaar het in die woestyn omgekom. Aan die einde van die 20 jaar lees ons van 'n insident waar die volk gekla het dat die manna (brood uit die hemel) sleg was. God het toe slange gestuur om die mense te pik. Toe hulle roep om hulp, het God gesê Moses moes 'n koperslang op 'n paal sit. Net die wat in geloof daarna opgekyk het, het bly leef. Die volk het toe weer by die beloofde land aangekom. In die hele boek Deuteronomium gee Moses drie toesprake waarin hy vertel wat God gedoen het en wat die volk moes doen.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Numeri 14. Die volk was nou op die randjie van die beloofde land. Die verspieders het uitgegaan en ons hoor dis 'n land van melk en heuning.

Maar wat hoor ons van die volk? Hulle mor en kla want hulle is bang. Die vyand lyk groot en sterk. Net by twee van die twaalf verkenners hoor ons dat hulle die volk aanmoedig dat God by hulle is en daarom sal hulle oorwin.

Omdat die volk gekies het om eerder te luister na die tien verkenners as na God se beloftes moes hulle die straf hoor: Hulle sou veertig jaar deur die woestyn trek en die hele geslag bo twintig sou uitsterf – hulle sou nie in die beloofde land ingaan nie.

Aan die einde van die veertig jaar, het die volk weer gekla en het God 'n slangplaag gestuur. Hulle het toe God se antwoord op hulle gebede gehoor: Kyk op na die slang op die paal om gered te word. Die wat na God se woorde geluister het, het gesond geword.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Die volk is hier op die randjie van die beloofde land. Die verkenners het uitgegaan en gesien dis 'n land van melk en heuning.

Tien van die twaalf verspieders rapporteer ook iets anders: Hulle het gesien die vyand is soos reuse en baie sterk. Dan sien ons die hele volk raak te bang om in te trek.

As God dan met Moses praat herinner Hy hom dat die volk die laaste ses maande van Egipte tot hier al sy wonders gesien het. Dit wys duidelik dat Hy Sy belofte kan nakom en die volk die oorwinning gee.

Omdat hulle nie God se heerlikheid en krag kon raaksien nie, is die straf wat hulle gekry het, dat hulle die beloofde land ook nie sal sien nie. Hulle sou veertig jaar deur die woestyn trek en sien hoe die hele geslag bo twintig sou uitsterf.

Aan die einde van die veertig jaar, het die volk weer gekla en het God 'n slangplaag gestuur. Hulle het toe God se antwoord op hulle gebede gehoor: Kyk op na die slang op die paal om gered te word. Die wat die slang op die paal gesien het, is gered en die wat nie gekyk het nie, het gesterf.

Sien jy God se krag in jou lewe?

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Numeri 9.

Die volk vertek by Sinaï. God se heerlikheid het die tempel gevul. Die wolk bo die tabernakel het gewys wanneer die volk moes trek en wanneer hulle moes kamp opslaan.

Dinsdag

Lees Numeri 13 en 14.

Die volk is by Kades, op die rand van die beloofde land, maar hulle vertrou nie op God nie en moes veertig jaar in die woestyn swerf en die geslag kon die rus nie binnegaan nie.

Woensdag

Lees Numeri 21.

Aan die einde van die veertig jaar het die volk weer in opstand gekom. God het giftige slange gestuur om hulle te straf. Net die wat opgekyk het na die slang op die paal is gered.

Donderdag

Lees Deuteronomium 1.

Aan die einde van die 40 jaar het Moses drie toesprake vir die volk gegee. Ons hoor dus hoe Moses van die geskiedenis vertel. Hier hoor ons weer wat by Kades gebeur het.

Vrydag

Lees Deuteronomium 32.

Moses herinner die volk aan God se trou oor die 40 jaar en moedig hulle aang om Hom te dien net voor sy dood.

Vlak 3 en vlak 4: D4. Woestyntogverhale.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Numeri 14. Die volk is hier op die randjie van die beloofde land. Hulle het God se belofte van die land gehoor. Hulle het Sy almag in die voorafgaande ses maande gesien, maar hulle was te bang vir die vyand en het in opstand gekom.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Hebreërs 4. Vrees is die teenoorgestelde van vertroue. Die volk was banger vir die vyand as wat hulle vertrou het dat God die oorwinning kon bring. Ons maak ook so: Ons dink baie keer God is kleiner as ons grootste probleem.

Sonder geloof kan jy nie gered word nie. Jy moet die keuses wat God jou gee in kinderlike afhanklikheid van Hom neem in die vertroue dat Hy die krag het om Sy beloftes gestand te doen. Die volk se ongeloof het daartoe gelei dat hulle die rus van die beloofde land nie kon binnegaan nie.

Die stukkie in Hebreërs vier roep jou ook vandag op. Luister as God jou roep. Sien Sy heerlijkheid raak en glo Sy beloftes – dan sal jy die ewige rus ingaan. Die hele geslag Israeliete het gesterf en nooit die beloofde land ingegaan nie. As ons die dinge wat die duiwel ons laat sien meer vrees as wat ons God vertrou, gaan dieselfde met ons gebeur: Ons gaan die ewige rus by God mis. Luister, sien en glo daarom vandag nog!

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Numeri 14. Hier is die volk nou op die randjie van die beloofde land en net 'n klein groepie glo dat God die vyand sal oorwin. God straf hulle ongeloof: Daardie geslag sou nie beloofde land sien of die rus binnegaan nie.

Aan die einde van die veertig jaar is daar nog so insident waar ongeloof baie laat sterf en waar die wat glo en opkyk, na die slag op die paal, gered word (Sien Numeri 21 in die huisgodsdiens).

Nuwe Testament toepassing.

Lees Johannes 3:1-15. Ons weet ons word gered deur geloof, maar hoe gebeur dit dan dat party glo en ander nie? Johannes 3 sluit aan by hierdie tweede insident en verduidelik dat 'n mens eers wedergebore moet word voor hy die koninkryk van God kan sien en kan binnegaan.

Lees II Korintiërs 4:3-6. Hier word verduidelik hoekom die mense in Moses se tyd so blind was. Die duiwel (god van hierdie bedeling) versluier hulle dat hulle nie die heerlijkheid van God kan sien nie. Hy doen dit dikwels met vrees.

Dan beskryf die gedeelte wat moet gebeur om wedergebore te word. Die woorde wat God gespreek het om te skep, moet ook die herskeppingswonder in ons harte bring. Ons harte moet verlig word deur die Heilige Gees om die heerlijkheid van God in Jesus Christus te sien. As ons dan so kan sien, kan ons glo en kan ons keuses maak in vertroue op die almagtige God en Hom daardeur verheerlik!

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Numeri 9.

Die volk vertek by Sinaï. God se heerlijkheid het die tempel gevul. Die wolk bo die tabernakel het gewys wanneer die volk moes trek en wanneer hulle moes kamp opslaan.

Dinsdag

Lees Numeri 13 en 14.

Die volk is by Kades, op die rand van die beloofde land, maar hulle vertrou nie op God nie en moes veertig jaar in die woestyn swerf en die geslag kon die rus nie binnegaan nie.

Woensdag

Lees Numeri 21.

Aan die einde van die veertig jaar het die volk weer in opstand gekom. God het giftige slange gestuur om hulle te straf. Net die wat opgekyk het na die slang op die paal is gered.

Donderdag

Lees Hebreërs 4.

Ons kry hier die waarskuwing dat ons ook oppad na 'n ewige rus is, maar as ons nie glo nie, sal ons nie kan ingaan nie.

Vrydag

Lees Johannes 3:1-16 en II Kor 4:1-6.

Hierdie gedeeltes wys dat geloof deur die wedergeborente kom wat God deur die Gees in mense se hart bewerk.

Vlak 1 en vlak 2: D5. Inname van die land.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

In die vorige les het ons gekyk na die woestyntogverhale. In hierdie les sien ons die volk stuur weer verkenners uit. In die stad Jerigo is hulle deur Ragab weggesteek en kon hulle veilig terugkeer. Hierdie keer het die volk God vertrou en het Hy hulle droogvoets deur die Jordaan rivier in die beloofde land ingelei. Die manna het opgehou toe hulle die eerste opbrengs van die land kon eet. Almal is besny en het die Pasga gevier. Daarna het God die oorwinning aan hulle gegee: Jerigo se mure het geval en God het selfs die son laat stilstaan dat die volk 'n geveg kon wen. Die gebeure by Ai wys ook dat God Sy volk straf as hulle nie gehoorsaam is aan Sy opdragte nie. Daarna is die land verdeel tussen die stamme en het Josua sy afskeidsboodskap gegee.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Josua 5:6-12 en 6:1-25.

In Josua 5 word ons herinner dat die volk nie na die stem van die Here geluister het nie en daarom vir veertig jaar deur die woestyn moes swerf. Die nuwe geslag was sopas deur die Jordaanrivier gelei en die eerste twee dinge wat hulle gedoen is om die besnydenis en Pasga te vier soos God beveel het.

Dan, in Josua 6, hoor die volk dat hulle vir sewe dae om die stad moet loop en dan sal die sterk hoë mure van die stad self omval. Hulle maak toe so. Vir ses dae mag daar nie 'n woord uit hulle monde gekom het nie – die vyand moes niks hoor nie...

Op die sewende dag het die inwoners van Jerigo die oorlogskreed en ramshorings gehoor en die muur het ingeval en almal is gedood.

Die verkenners het toe Josua se opdrag gehoor: Omdat Ragab die verkenners gehelp het en hulle haar beloof het sy sal gered word, het net sy en haar gesin bly leef.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Josua 5:6-12 en 6:1-25.

In Josua 5 word ons herinner dat die vorige geslag die land van melk en heuning nie sou sien nie. Die rede was dat hulle nie na die stem van God geluister het nie.

Na veertig jaar, het die volk gesien hoe die die Jordaan rivier oopkloof. Hulle kon so in die beloofde land intrek. As bevestiging dat hulle deel is van God se verbond en die beloftes van die verbond sal kry, is die besnydenis en die Pasga gevier – die sigbare tekens van die verbond en bevryding uit Egipte.

Die mense in Jerigo, agter hoë en sterk mure, moes vir sewe dae lank sien hoe die volk om die stad trek. Agter die volk hulle het hulle die ark gesien – die teken dat God by hierdie volk was.

Op die sewende dag het hulle gesien hoe hulle mure inval en almal vernietig word. Dit was duidelik sigbaar dat die oorwinning net van God af gekom het.

Maar wat ook gesien kon word, was dat net een stukkie van die muur bly staan het – daar waar Ragab se huis was. Sy het van die begin af gesien wie God werklik is en daarom die verspieders gehelp.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Josua 1.

Na Moses se dood word Josua die nuwe leier en ontvang sy opdragte.

Dinsdag

Lees Josua 2.

Josua stuur twee verkenners en Ragab, die heidense vrou, se optrede red hulle lewens.

Woensdag

Lees Josua 5 en 6.

Die volk trek deur die Jordaan, word besny en vir die Pasga en neem dan Jerigo in. Hulle moes gelowig om Jerigo stap en glo die mure sal self inval. Daarna moes hulle die stad inneem en alles vernietig.

Donderdag

Lees Josua 10.

Die res van die boek neem die volk die land in tot hier by hoofstuk 10 en daarna word die land verdeel vir die res van die boek. In die hoofstuk sien ons God stuur hael en laat die son stilstaan om die oorwinning te behaal.

Vrydag

Lees Josua 24. Aan die einde van Josua se lewe kyk hy terug en vertel van God se verlossingsdade en moedig die volk aan om God getrou te dien.

Vlak 3 en vlak 4: D5. Inname van die land.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Josua 5:6-12 en 6:1-25. Hulle geloof is verder versterk deur die verbondsteken van die besnydenis en die Pasga wat hulle aan die uittoeg gebeure herinner het.

As hulle dan die opdrag kry om net om die stad te stap en die hoë sterk mure sal self omval, begin hulle dit dadelik doen.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Hebreërs 11:30-31. Hierdie gedeelte bevestig Jerigo se mure het geval, omdat die volk geglo het. Ragab het die verkenners weggesteek en sy en haar gesin was uiteindelik die enigste oorlewendes uit Jerigo. Hebreërs 11 bevestig ook dit was uit geloof.

Lees Jakobus 2:18-26. Met hierdie voorbeeld (en ook 'n voorbeeld van Abraham) bring die boek Jakobus vir ons 'n verdere verstaan van geloof. Hy verduidelik dat geloof sonder daad dood en niks werd is nie. Daad wys die egtheid van geloof. Ware geloof loop altyd oor in geloofsdade.

Toe die volk nie in Kades wou ingaan nie was dit 'n bewys van ongelof. Toe die volk om Jerigo stap en Ragab die verkenners wegsteek, was dit 'n bewys van hulle geloof.

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Josua 5:6-12 en 6:1-25. Josua en Kaleb was die enigste ouer manne oor – almal van die vorige geslag het gesterf. As hulle dan die besnydenis, die teken van die verbond en Pasga vier, moes juis hulle weer vir die volk vertel wie God is, dat Hy 'n verbond met hulle gesluit het en dat Hy Sy beloftes gestand sal doen.

In die Ragab verhaal in hoofstuk 2 lees mens raak dat die vyand ook al van God se almag vertel het en dat almal bang was. Ragab het dit geglo, en sy het haar gesin daarvan vertel. Die uiteinde is dat net sy en haar gesin gered is. Vertel jy nog jou gesin van God se heerlikheid en krag?

Nuwe Testament toepassing.

I Korintiërs 15:12-24. Pasga was gevier op 14 Abib (die eerste maand). Ons sien hier die volk eet die eerste gerf op 17 Abib, soos voorgeskryf by die feeste en juis op daardie dag stop die manna. I Korintiërs 15 beskryf Jesus as die eersteling (first fruit ESV) uit die dood. Hy het drie dae na sy kruisiging opgestaan! Net soos die eerste gerf van die oes die versekering gee dat die res van die oes kom, net so seker is Jesus se opstanding die bevestiging dat ons ook eendag sal opstaan uit die dood.

Hy is die Brood van die lewe en as ons Hom eet, sal ons ook eendag opstaan en in die beloofde land ingaan.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees Josua 1.

Na Moses se dood word Josua die nuwe leier en ontvang sy opdragte.

Dinsdag

Lees Josua 2.

Josua stuur twee verkenners en Ragab, die heidense vrou, se optrede red hulle lewens.

Woensdag

Lees Josua 5 en 6.

Die volk trek deur die Jordaan, word besny en vier die Pasga en neem dan Jerigo in. Hulle moes gelowig om Jerigo stap en glo die mure sal self inval. Daarna moes hulle die stad inneem en alles vernietig.

Donderdag

Lees Josua 10.

Die res van die boek neem die volk die land in tot hier by hoofstuk 10 en daarna word die land verdeel vir die res van die boek. In die hoofstuk sien ons God stuur hael en laat die son stilstaan om die oorwinning te behaal.

Vrydag

Lees Jakobus 2:18-26 en I Kor 15:12-24.

Jakobus wys dat geloof sonder daad nutteloos is met die voorbeeld van Ragab en I Korintiërs 15 koppel die eerste gerf aan Christus se opstanding.

Vlak 1 en vlak 2: D6. Die rigterstydperk.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

In die vorige les het ons gesien hoe God die belofte van 'n land vervul het. Hier in die boek Rigters, sien ons net een geslag verder hoe dat hulle van God se magtige dae vergeet. Hulle het nie al die volke uitgeroei soos God beveel het nie en tussen hulle begin woon. Hulle het toe die afgode begin dien. God het hulle ongehoorsaamheid gestraf deur onderdrukking van een van die volke. As dit dan baie swaar begin gaan het, het die volk tot God om hulp geroep. God het dan genade betoon en 'n rigter geroep onder wie se leiding Hy dan uitkoms voorsien het. Maar elke keer sien ons as die rigter weer dood is, val die volk weer in sonde en herhaal dieselfde siklus hom weer. So het dit aangegaan vir baie rigters oor ongeveer 350 jaar. Die boek wys elke keer uit dat die mense gedoen het was reg was in hulle eie oë en nie wat reg is in God se oë nie.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees Rigters 2:6-23. Nog in Moses se tyd het die volk gehoor hulle moet God met hulle hele hart dien (Deut 6:4-5). Dit het nog gebeur in Josua se tyd (Rig 2:7). Maar net een geslag later, het die volk in 'n sondesiklus verval (Rig 2:10). Hulle het nie meer gehoor van sy wonderdade nie.

Rigters 2:11-21 beskryf vir ons die volgende siklus:

1. Omgang met heidenvolke.
2. Afvalligheid en afgododery.
3. Oordeel van God in die vorm van onderdrukking deur 'n invallende nasie.
4. Berou na 'n verloop van tyd.
5. Goddelike bevryding.

Hierdie siklus kry ons dan reg deur die boek, rigter vir rigter en dit hou aan vir ongeveer 350 jaar. Alhoewel God deur die rigters uitkoms gebring het, was elke rigter ook maar 'n swak en sondige mens.

Die boek word opgesom met die woorde: *In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë. (Rig 17:6, 21:25).*

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees Rigters 2:6-23. Die boek Rigters word opgesom met die woorde: *In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë (Rig 17:6, 21:25).* Die volk kyk dus deur hulle eie oë vir wat goed is vir hulleself. Moses het reeds in Deuteronomium vir die volk geleer hoe hulle moet kyk: Doen wat reg is in die oë van die Here (Deut 6:18). Dit het beteken hulle moes God met hulle hele hart dien (Deut 6:4-5).

Dit het nog gebeur in Josua se tyd (Rig 2:7). Maar net een geslag later, het die volk in 'n sondesiklus verval (Rig 2:10).

Rigters 2:11-21 beskryf vir ons die volgende siklus:

1. Omgang met heidenvolke.
2. Afvalligheid en afgododery.
3. Oordeel van God in die vorm van onderdrukking deur 'n invallende nasie.
4. Berou na 'n verloop van tyd.
5. Goddelike bevryding.

Hierdie siklus kry ons dan reg deur die boek, rigter vir rigter en dit hou aan vir ongeveer 350 jaar. Alhoewel God deur die rigters uitkoms gebring het, was elke rigter ook maar 'n swak en sondige mens.

Huisgodsdiens vir die week.

Die gedeeltes is gekies om die siklus wat in die boek voorkom uit te lig, maar ook om te wys dat die Rigters ook maar sondige mense was.

Maandag

Lees Rigters 2. Dit vertel van die siklus wat homself deur die boek herhaal.

Dinsdag

Lees Rigters 6. Ons lees hier hoe die volk weer in sonde geval het. God het Gideon as Rigter geroep, maar hy het verskering by God gesoek in die vorm van tekens.

Woensdag

Lees Rigters 7. Ons lees hier hoe die Here Gideon se manskappe na driehonderd toe verminder het en hom dan die oorwinning oor 'n reuse weermag gegee het.

Donderdag

Lees Rigters 15. Ons lees in die hoofstuk van die rigter, Simson, se krag.

Vrydag

Lees Rigters 16. Hierdie hoofstuk vertel die hartseer verhaal van Simson se einde.

Vlak 3 en vlak 4: D6. Die rigterstydperk.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Rigters 2:6-23 -3:6. Van Rigters 2:22-3:6 sien ons dat God hulle met die heiden nasies op die proef stel. Die siklus van verval, straf, berou en genade wys dat hulle met elke rigter die toets faal.

Die boek Rigters word opgesom met die woorde: *In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë* (Rig 17:6, 21:25).

Nuwe Testament toepassing.

Lees Jakobus 1:2-7, 12-15. Jakobus 1:2-3 vertel vir ons dat versoekings ook ons geloof toets. Jakobus 1:13-15 wys dat God nie iemand versoek nie, maar versoekings kom soos mens deur jou eie begeertes verlei word en dan oorgaan in sonde.

Verse 5-7 gee vir ons die geheim om nie soos die mense in die rigterstyd in die sondesiklus te bly val nie: Ons moet bid vir wysheid.

In die rigterstyd het die mense die toets gefaal en is onderdruk. Jakobus vertel vir ons dat as ons die toets slaag, ons die oorwinnaarskrans van die lewe sal ontvang.

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees Rigters 2:6-23 -3:6. In Rigters 2:11-21 sien ons die siklus van verval, straf, berou en genade. Die boek Rigters word opgesom met die woorde: *In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë* (Rig 17:6, 21:25).

Die gevolg is dat die boek vertel van gru verhale van wrede oorloë en onderlinge rusie en selfs burgeroorlog.

Nuwe Testament toepassing.

Lees Jakobus 4:1-12. Hierdie hoofstuk wys vir ons wat is die oorsaak van al hierdie oorloë en gevegte. Dit kom van die mens se eie begeertes. Jakobus 1:14-15 beskryf mooi waar die sondesiklus vandaan kom: Eie begeertes wat bevrug word en uittloop op sonde en die dood.

Die oproep is om die Duiwel te weerstaan, van hom af weg te vlug en jou aan God te onderwerp. Juis dié wat hulle voor die Here verneder sal verhoog word.

Eie begeertes maak ook dat ons van ander wil kwaadpraat en hulle wil oordeel. Jakobus waarsku dat daar net een Regter is en dit is Jesus Christus. In die engelse Bybel word "Rigters", "Judges" genoem. Ons moet van ons eie begeertes afsien, nie doen wat reg is in ons eie oë nie, maar doen wat reg is in die oë van Jesus, ons Regter.

Huisgodsdiens vir die week.

Die gedeeltes is gekies om die siklus wat in die boek voorkom uit te lig, maar ook om te wys dat die Rigters ook maar sondige mense was.

Maandag

Lees Rigters 2. Dit vertel van die siklus wat hulle deur die boek herhaal.

Dinsdag

Lees Rigters 6. Ons lees hier hoe die volk weer in sonde geval het. God het Gideon as Rigter geroep, maar hy het verskering by God gesoek in die vorm van tekens.

Woensdag

Lees Rigters 7. Ons lees hier hoe die Here Gideon se manskappe na driehonderd toe verminder het en hom dan die oorwinning gee.

Donderdag

Lees Rigters 8. Ons lees in die hoofstuk hoe die volk Gideon koning wou maak, hy hy wier, maar to ook self in sonde val.

Vrydag

Lees Jakobus 1:2-7, 12-15 en Jakobus 4:1-12. Ons sien hier hie die sondesiklus ook in ons lewens ontstaan, die oproep om dit teen te staan en die oplossing oor hoe om dit te doen.

Vlak 1 en vlak 2: D7. Die verenigde koninkryk.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed om te hoor en sien wat in die gedeelte staan.

In die vorige les het ons gesien dat oor 'n lang tydperk die volk deur rigters gelei is. As die boeke Samuel, Konings en Kronieke begin, lei dit ons in 'n tyd van die konings in. Tot hier toe het die volk nie 'n koning gehad nie, en het gevra dat God vir hulle ook 'n koning moes gee soos die ander volke. Eintlik het hulle Hom so as hulle koning verwerp. God gee toe vir hulle 'n eerste koning – sy naam was Saul. Saul was nog nie eers baie jare koning nie, toe was hy al ongehoorsaam aan God se opdragte. God het toe vir Dawid laat self as die volgende koning. Dawid was toe nog jonk en Saul was daarna nog vir meer as 30 jaar koning gewees. In die tyd het Dawid vir Goliat verslaan en hy het meer gewild geraak as Saul. Saul was jaloers en het Dawid probeer doodmaak, maar die Here het Dawid beskerm. Saul was veertig jaar lank koning en na hy gesterf het, het Dawid koning geword. Hy was 'n suksesvolle koning en God het aan Hom beloof dat daar vir altyd iemand uit sy nageslag op die troon sou bly sit. Sy Seun Salomo het hom opgevolg. Hy was 'n baie wyse koning en het ook vir God 'n tempel gebou.

Vlak 1: Ek hoor van die God wat...

Lees II Samuel 7. Na Saul se dood was Dawid eers koning oor net twee van die twaalf stamme. Na sewe jaar het hy koning geword oor al twaalf die stamme. Kort daarna hoor ons dat hy 'n wonderlike paleis het, maar die Here se huis, die tabernakel, nog net 'n tent is. Hy wou toe 'n nuwe huis vir God, die tempel, bou. Maar die Here het geantwoord dat hy dit nie mag doen nie, maar gee vir hom 'n wonderlike belofte:

Hy moes eers hoor wat die Here alles vir Hom gedoen het (verse 8-10) en daarna hoor hy hierdie belofte in verse 13-16: *13Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan... 16Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan.* Vir die res van die hoofstuk hoor ons dan hoe Dawid God se uniekheid en grootheid besing.

Hierdie belofte aan Dawid is in Jesus Christus vervul – Hy is uit Dawid se nageslag en Sy koninkryk sal vir ewig bly bestaan.

Aktiwiteit en afsluiting.

Laat die vlak 1 groep die prentjie inkleur. Kyk of die groep 2 deelnemers die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap hulle eie gemaak het. Sluit af met 'n gebed.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees I Samuel 15. Hierdie hoofstuk vertel God verwerp Saul se koningskap as gevolg van sy ongehoorsaamheid.

Dinsdag

Lees I Samuel 17. Hierdie hoofstuk vertel ons van God se almag en hoe Hy deur nietige mense werk in die verhaal van Dawid en Goliat.

Woensdag

Lees II Samuel 7. Nadat Dawid koning geword het, het hy die belofte by God gekry dat daar vir ewig iemand van sy nageslag op sy troon sal bly sit. Dit is vandag vervul in Jesus Christus.

Donderdag

Lees I Kronieke 10. Salomo het Dawid opgevolg as koning en vir die Here die tempel gebou. In hierdie hoofstuk sien ons hoe die Here die tempel met Sy heerlijkheid vul.

Vrydag

Lees Psalm 132. Die Psalm besing God se belofte aan Dawid dat Sy koninkryk vir ewig sal bly bestaan.

Vlak 2: Ek sien die God wat...

Lees II Samuel 7. Na Saul se dood was Dawid eers koning oor net twee van die twaalf stamme. Na sewe jaar het hy koning geword oor al twaalf die stamme. Kort daarna sien ons dat hy 'n wonderlike paleis het, maar die Here se huis, die tabernakel, nog net 'n tent is. Hy wou toe 'n nuwe huis, die tempel bou. Maar die Here het geantwoord dat hy dit nie mag doen nie, maar gee vir hom 'n wonderlike belofte:

Hy moes eers sien wat die Here alles vir Hom gedoen het (verse 8-10) en verstaan dat die Here nie nodig het dat iemand vir Hom 'n huis hoef te bou nie. God het reeds 'n ander plan vir Sy koninkryk. Hy gee vir Dawid hierdie wonderlike belofte in verse 13-16: *13Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan... 16Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan.* Vir die res van die hoofstuk hoor ons dan hoe Dawid God se uniekheid en grootheid besing.

Hierdie belofte aan Dawid was nie net vir Dawid nie, maar is 'n openbaring van God se plan vir ons. Die belofte is in Jesus Christus vervul – Hy is uit Dawid se nageslag en Sy koninkryk sal vir ewig bly bestaan.

Vlak 3 en vlak 4: D7. Die verenigde koninkryk.

Opening en konteks.

Begin jou les deur eers te hoor hoe dit met almal gaan en gaan dan oor tot gebed. Vra in jou gebed dat Heilige Gees julle sal lei om te hoor, te sien en te glo wat in die gedeelte staan. Bid ook dat dit sal oorfloei in daad van dankbaarheid en die gewilligheid om dit met ander te deel.

Die deelnemers se eerste bladsy van die les gee 'n prentjie oorsig van die tydperk waarin hierdie les val. Die gedig oorsig, asook die oorsig vir ouers by vlak 1 en 2, behoort genoeg agtergrond te gee dat jy dit met die deelnemers in jou eie woorde kan deel.

Vlak 3: Ek glo en leef in gemeenskap.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees II Samuel 7 (I Kronieke 17 vertel dieselfde geskiedenis).

Hierdie geskiedenis vertel vir ons van die belofte wat God vir Dawid gegee het, dat Sy koninkryk vir ewig sal bly bestaan. *13Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan... 16Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan."*

In daardie tyd se geskiedenis is koningshuise gereeld heeltemal doodgemaak. Vir 'n koninkryk om vir ewig te bly bestaan sou onmoontlik lyk. Tog het Dawid die belofte geglo. In die res van die hoofstuk besing hy God se uniekheid en grootheid en erken dat God die mag het om Sy belofte gestand te doen: *28"En nou, Here, U is God. U woorde sal bewaarheid word. U het hierdie goeie belofte aan u dienaar gemaak.*

Nuwe Testament toepassing.

In Handeling 2 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees. Direk daarna verduidelik Petrus wat daar gebeur het. Hy haal Psalm 16 aan en wys dan dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het en dat Hy die een is wat op Dawid se troon sit. Hy is die een wat die vyand die voetbank van sy voete maak. Glo jy dit?

Aktiwiteit en afsluiting.

Kyk of die groep die vrae ingevul het. Moedig hulle aan om dit vooraf te doen. Gebruik die vrae om te toets of hulle die boodskap glo en dat hulle dit kan gaan vertel. Sluit af met 'n gebed.

Vlak 4: Ek vertel en verheerlik.

Fokus gedeelte in die Ou Testament.

Lees II Samuel 7 (I Kronieke 17 vertel dieselfde geskiedenis).

Hierdie geskiedenis vertel vir ons van die belofte wat God vir Dawid gegee het, dat Sy koninkryk vir ewig sal bly bestaan. *13Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan... 16Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan."*

Vir die res van die hoofstuk hoor ons dan hoe Dawid God se uniekheid en grootheid besing: *22Daarom, groot is U, Here my God! Daar is niemand soos U nie. Buiten U is daar geen God nie, van hoeveel gode ons ook al gehoor het.*

Ook ons moet God se grootheid besing en al die eer gee as ons Sy beloftes hoor, Sy uniekheid en grootheid sien, en Hom glo.

Nuwe Testament toepassing.

In Handeling 2:29-36 wys Petrus direk dat Jesus Christus die een is wat op Dawid se troon sit vir ewig. Hy is die vervullig van die belofte aan Dawid. In Efesiërs 1:14-22 sien ons hoe dit gebeur het. God het deur Sy groot krag, Jesus Christus uit die dood laat opstaan en Hom aan Sy regterhand laat sit. Hy is bo alle heersers van alle tye. Hy is ook die hoof van die kerk. Hy is ons Koning vir ewig.

Huisgodsdiens vir die week.

Maandag

Lees I Samuel 15. Hierdie hoofstuk vertel God verwerp Saul se koningskap as gevolg van sy ongehoorsaamheid.

Dinsdag

Lees I Samuel 17. Hierdie hoofstuk vertel ons van God se almag en hoe Hy deur nietige mense werk in die verhaal van Dawid en Goliath.

Woensdag

Lees II Samuel 7. Nadat Dawid koning geword het, het hy die belofte by God gekry dat daar vir ewig iemand van sy nageslag op sy troon sal bly sit. Dit is vervul in Jesus Christus.

Donderdag

Lees II Kronieke 7. Salomo het Dawid opgevolg as koning en vir die Here die tempel gebou. In hierdie hoofstuk sien ons die inwyding van die tempel.

Vrydag

Lees Handeling 2:29-36 en Efesiërs 1:14-22. In Handeling 2 wys Petrus duidelik dat Christus opgestaan het en dat Hy die een is wat op Dawid se troon sit. Efesiërs 1 brei verder daarop uit en wys ook dat Hy Hoof is oor alles en ook hoof van die kerk.

Bronne gebruik

1. The chronology of the Old Testament: A return to basics, Dr. Floyd Nolene Jones, 21st edition, 2019.
2. ESV study Bible from Crossway.
3. Pocket reference: Bible Handbook, Thomas Nelson, 1999.
4. Geloofsleer, Prof Benoon Duvenage.
5. Old Testament theology, Paul R. House, 1998.
6. Die Bybel, 1983 en 2020 vertalings.

Die dokument is saamgestel deur totUeer.blog.

Jy mag dit verniet aflaai, solank jy dit net ook verniet versprei.

Al die sketse is deur Santie Amery gemaak teen vergoeding van TotUeer.

Die sketse mag slegs saam met hierdie dokument gebruik word.

Indien jy van hierdie sketse op ander plekke wil gebruik,
moet jy die vergoeding daarvan met TotUeer ooreenkom,

wat weer op sy beurt dit sal laat terugvloei na Santie se bediening toe.